Jaargang 2017
ISSN 1018-0710

# DOLOS

## Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV



Prof. Naòmi Morgan met haar Ridderskapsmedalje

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# Inhoud


Departementele brief ........ 3

Kopieskryfwerkswinkel 2017 aangebied deur Roela Hattingh van UJ ........ 4

Kortleerprogram: Gesellig Afrikaans 2017........ 5

Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT) 2017........ 8

Die Klein Prinsie as woordkunsproduksie........ 8

Enkele personeelhoogtepunte in 2017 ........ 10

RSG Blokraaitoernooi in samewerking met die Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV) en XWORD – 2017 ........ 11

Populêre lesingreeks 2017 ........ 13

SAVN-beurshouers 2017 ........ 20

Junior lektor in Duits ontvang Erasmus Mundus-beurs........ 20

Slypskool vir die Nasionale Poort skryfwedstryd van 2017........ 21

- Prosa-wenner: Nina du Preez ........ 21
- Poësie-wenner: Brigitte Geyer........ 24
- Aanmoedigingsprys: Nina Jacobson........ 25

Kortverhale van die 2017-inname vir die Meestersgraad in Kreatiewe Skryfkuns ........ 27

- Die serp – Marnus Kok ........ 27
- Hartstog – Karen Combrink ........ 27
- Apokalipso – Anton Roodt........ 38




## Departementele brief



Die bydraes vir *Dolos* (vanaf) *2017* word voortaan deur die departementshoof en die departementele sekretaresse geïntegreer uit die departementele nuusbrokkies soos ontvang van ons kollegas en studente. Kollegas is dus almal medeskrywers aan die dagboek van die departement. *Dolos* is die departementele nuustydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessanthede oor Afrikaans aan die UV gebundel word.

Geniet *Dolos 2017* wat, buiten vir lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag digitaal te bewaar!

Lekker lees!

*Ida Meiring, Angelique van Niekerk en kollegas*



## Kopieskryfwerkswinkel 2017 aangebied deur Roela Hattingh van UJ

In Maart 2017 is die jaarlikse werkswinkel vir studente in die kopieskryfkursus weer aangebied. Roela Hattingh van UJ het die daglange opleiding aangebied. Daar word van die studente verwag om in groepe van twee tot vier studente ’n gedruktemedia- en radioadvertensie te maak vir ’n bepaalde goeie saak. Dit sluit handelsname soos die DBV, Kansa, Childline ens. in. Die wengroepe neem dan deel aan die Nasionale Loerie- en Pendoringadvertensiekompetisie.



By die kopieskryfwerkswinkel van 2017 was van links na regs: Vuyo Mzangwa, Celimpilo Ngobese, Roela Hattingh (aanbieder), Andisiwe Faku en Justin Oxenham.

## Kortleerprogram: Gesellig Afrikaans 2017

Die Kortleerprogram, *Gesellig Afrikaans* het in 2017 groot hoogtes bereik. Die onderrigmedium is grootliks Engels en alle inligting en toeligting geskied in Afrikaans en Engels. Ondersteuningsmateriaal soos Afrikaanse rolprente, musiek, uitspraakriglyne, grappies en blokraaie maak deel van die kursusmateriaal uit.




Die studente van die beginner- en gevorderde Gesellig Afrikaans-aanleerkursusse 2017.

**Die suksesvolle kandidate in 2017 was:**

**Semester 1**

Gesellig Afrikaans 1: Ntjapa Lebaka, Neo Mathinya, Iram Saeeda, Jarina Kühn, Anna Ebrecht en Weldemichael Tesfuhuney. Fasiliteerder: Me. Ida Meiring.

Gesellig Afrikaans 2: Dan Morobadi, Tim Swinfen en David Nieuwe Weme. Fasiliteerder: Me. Alison Stander.

Die suksesvolle studente van die beginner- en gevorderde Gesellig Afrikaans-aanleerkursusse het diplomas ontvang tydens 'n funksie in November 2017.



Van links is: me. Alison Stander (GA2-fasiliteerder), Msebenzi Rabaza (GA1), Gillian Lamacraft (GA2), Lasse Radtke (GA1), Jamie Paulse (GA2), me. Ida Meiring (GA1-fasiliteerder) en Sebastien Grall (GA1).



Msebenzi Rabaza (GA1) (links), Jamie Paulse (GA2), Lasse Radtke (GA1) en Sebastien Grall (GA1) tydens die diplomafunksie van die Gesellig Afrikaans-aanleerkursusse. By hulle is me Alison Stander wat GA2, die gevorderde kursus, fasiliteer.



Tydens die November-diplomafunksie van die Gesellig Afrikaans-aanleerkursusse het elke student die fasiliteerders in Afrikaans bedank as deel van hul dankwoord –in hul heel beste Afrikaans! Hier is Sebastien Grall (GA1), 'n Franse student wat politieke wetenskap aan die UV studeer. Sebastian (van Dijon in Frankryk) het Afrikaans so goed leer praat dat mense nie wil glo dat hy 'n Fransman is nie.

## Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT) 2017

Prof. Angelique van Niekerk

In 2017 het 10 studente ingeskryf vir die internasionaal erkende CNaVT-eksamen. Agt kandidate het die eksamen suksesvol afgelê.



Die kandidate wat die 2017 CNaVT-eksamen suksesvol voltooi het, was:
van links na regs: dr. Francois Smith, me. Carlé van Zyl, Carla Ellis, Janice du Plessis, Janet du Toit, Anja van der Merwe  Marelize Pretorius en mnr. Albertus Barkhuizen.

## *Die Klein Prinsie* as woordkunsproduksie

Naòmi Morgan




Hervertalings is nie net iets algemeen in die wêreld van literêre vertaling nie, dit is ook ’n noodsaaklike proses, omdat taal voortdurend ontwikkel. Hervertalings binne die Afrikaanse konteks is egter ’n uitsondering; ’n mens sou oor die redes daarvoor kon spekuleer. Die taal bestaan skaars ’n honderd jaar, vertalers kies eerder ’n nuwe titel as om ’n ander weergawe van ’n reeds-bestaande vertaling te produseer. Soos alle ontwikkelende tale, het Afrikaans ook ’n periode van intense vertaling beleef, veral gedurende die sestigerjare, waarskynlik as gevolg van kontak met die Europese literatuur. Vertaling is deur die eeue beskou

as ’n manier om ’n lokale literatuur te verryk en om te illustreer dat die nuwe, jong taal soepel en woordryk genoeg is om groot literêre werke aan sy sprekers bekend te stel.

Een van die unieke voorbeelde van hervertaling in Afrikaans is die klassieke teks van die Franse skrywer-vlieënier, Antoine de Saint-Exupéry, *Die klein prinsie*. Die eerste Afrikaanse vertaling is nie, soos die meeste lesers dink, dié van André P. Brink nie, maar ’n 1957-vertaling deur J.P.L. Krige, uitgegee deur die bekende Nederlandse uitgewer, AA Balkema. ’n Jukstaposisie van die Krige- en 1994 Brink-vertalings gee interessante insigte in die ontwikkeling van Afrikaans oor ’n periode van 40 jaar.



’n Derde vertaling is 23 jaar later, in 2017, deur Naòmi Morgan gedoen vir ‘n buitelandse konferensie en ‘n Woordfeesproduksie by die Vrystaatse Kunstefees. Anders as in die geval van die twee gepubliseerde vertalings, is die vertaalkeuses hier in die eerste plek deur klankkleur en vloeibaarheid van styl bepaal. Vir sy meesterlike vertolking van die teks is die akteur, Chris van Niekerk, as Beste Vrystaatse Kunstenaar vereer.

Die produksie is in ’n ideale ruimte opgevoer, naamlik in die Naval Hill Digitale Planetarium, met ’n vol koepelvertoning deur Leon Snyman. Lesers sal onthou dat die klein prinsie ’n kosmiese reis na die aarde onderneem en aan die einde van sy aardse besoek teruggaan na sy planeet. Die publiek kon sy besoek aan ’n verskeidenheid planete op die koepel volg, wat terselfdertyd ’n poëtiese manier was om kinders met die ruimte te laat kennismaak. Die vertaling is deur dieselfde akteur op RSG voorgelees, en daar is ook ’n oudioboek van die volledige vertaling beskikbaar.

Vir die vertaler is die uitdaging om *Die klein prinsie* te vertaal waarskynlik die alombekendheid van sekere sinne en die gedeeltelik kinderlike register. Veral die dialoog tussen die prinsie en die jakkals is van die mees geliefde passasies in wêreldletterkunde; die toets vir die vertaler is om nie te innoverend te wees nie, maar steeds te sorg dat die nuwe vertaling van sy voorgangers onderskei kan word. Hier volg ter afsluiting die bekende gesprek tussen die wyse jakkals en die hartseer prinsie, uit die 2017-vertaling:

- *Vaarwel, het hy gesê ...*
- *Vaarwel, het die jakkals gesê. Hier is my geheim. Dis baie eenvoudig: dis net met jou hart wat jy regtig kan sien. Dit was belangrik is, is onsigbaar vir die oog.*
- *Dit wat belangrik is, is onsigbaar vir die oog, het die klein prinsie herhaal, om beter te kan onthou.*

- *Dis die tyd wat jy saam met jou roos verkwis het wat haar so belangrik maak.*
- *Dis die tyd wat ek saam met my roos verkwis het ... het die klein prinsie gesê, om beter te kan onthou.*
- *Mense het van hierdie waarheid vergeet, het die jakkals gesê. Maar jy moenie daarvan vergeet nie. Jy is vir altyd verantwoordelik vir dit wat jy makgemaak het. Jy is verantwoordelik vir jou roos ...*
- *Ek is verantwoordelik vir my roos ... het die klein prinsie herhaal, om beter te kan onthou.*




-

## Enkele personeelhoogtepunte in 2017

- Prof. Naomi Morgan lewer op 8 November haar intreerede by die UV. Die titel van haar rede was: *Van Frans na Afrikaans: 100 jaar van byna eenrigting-vertaalverkeer.*

- Die aanlyn Afrikaanse aanleerderskursus, Gesellig Afrikaans, met prof. Angelique van Niekerk as projekleier is bekendgestel.

- Prof. Jaap Steyn word vereer met die Jan H. Maraisprys vir uitstaande bydraes tot Afrikaans as wetenskapstaal.

- *Camp whore,* die Engelse vertaling van dr. Francois Smith se boek*, Kamphoer,* verskyn en prof. Naomi Morgan ontvang die regte om *Kamphoer* na Frans te vertaal.




Foto: Prof. Jaap Steyn ontvang die Jan H. Maraisprys




Foto: Proff. F. Petersen, A. van Niekerk en G. van Huyssteen by die bekendstelling van die aanlyn Afrikaanse aanleerderskursus

## RSG Blokraaitoernooi in samewerking met die Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV) en XWORD – 2017

Albé Grobbelaar

Die baie gewilde *RSG Blokraaitoernooi* is in Julie 2017 vir die tweede keer by die Vrystaat Kunstefees aangebied.

Dit is die enigste Afrikaanse kompetisie van sy soort, en bied die geleentheid vir woord- en taalliefhebbers om hulle kennis van Afrikaans en spoed teen ander mededingers te toets. Hierdie jaar is daar ook vir die eerste keer terselfdertyd 'n blokraaitoernooi op RSG se webwerf beskikbaar gestel vir mense wat nie in Bloemfontein kon wees nie.



Die semi-finaliste saam met die XWord-span en prof. Angelique van Niekerk,
hoof van die Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, aan die Vrystaatse Universiteit.

Baie geluk aan Ilse van Hemert wat vir die tweede agtereenvolgende jaar loshande die titel ingepalm het. In die 2de plek was Willie Pretorius, met Efraim van der Walt derde.

Die gedagte aan so 'n toernooi het ontstaan by Anina Roux van *XWord*, 'n maatskappy wat die afgelope meer as dertig jaar al blokraaie vir verskeie koerante, tydskrifte en webwerwe saamstel. Nadat die *XWord*-span 'n paar jaar gelede die dokumentêre rolprent *Wordplay*, wat oor die New York Times se jaarlikse blokkiesraaitoernooi in die VSA handel, gesien het, is begin met beplanning om iets soortgelyks in Afrikaans te doen. En verlede jaar het die geleentheid uiteindelik opgeduik by die Vrystaat Kunstefees.






Die *RSG Blokraaitoernooi* word met die hulp van die Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV, en deur RSG op die universiteit se kampus aangebied.
Die projek word ondersteun deur die Dagbreek Trust.









## Populêre lesingreeks 2017

**Op 10 Februarie 2017 het prof. Johann du Preez, ekoloog en dosent in die departement Plantkunde, Universiteit van die Vrystaat ’n lesing oor die volgende onderwerp gelewer:** *“Rooigras is blou, as dit groen is” - interessante Afrikaanse vakterme en plantname en moontlike verklarings*

Afrikaans is ’n ryk taal met wonderlike nuutskeppings en name. Die plantkunde-vaktaal en die algemene omgangstaal oor plante is vol interessanthede en staaltjies. Baie van die vakterme en plantname is van die betrokke plant se voorkoms afgelei, of die naam beklemtoon een of ander sigbare of unieke eienskap. Sekere plante het medisinale waarde en dan het die plant sy naam as gevolg daarvan gekry. Ander plante se name is van die plaaslike bevolking oorgeneem. Daar is nog heelwat ander bronne van name vir ons plante. In die lesing is na hierdie bronne gekyk en is dit met interessante foto’s toegelig.




Hier is prof. Johann du Preez by prof. Henning Pieterse wat die lesingreeks hanteer.

**Op 24 Februarie 2017 het prof. Christo van Rensburg ’n lesing gelewer oor:**
*Is Afrikaans al voor 1652 gepraat? En daarna?*

Hy het vrae gevra, soos: Hoe oud is Afrikaans? Die vroegste optekenings van Afrikaans dateer uit die vyftig jaar-periode van voor 1652. ’n Bespreking van enkele van daardie gevalle sluit aan by resente studies oor skraps data, wat besondere sosio-historiese betekenis het. Daar is Afrikaanse woorde wat heelwat ouer is as wat Afrikaanse taalhistorici vantevore aangedui het.
Hierdie data is betekenisvol omdat dit die inbeddingspatrone van taal in die geskiedenis van sy sprekers weerspieël. Wat het van hierdie vroeë Afrikaans geword, en is hierdie patrone aan die verander?




Prof. Christo van Rensburg saam met prof. Henning Pieterse wat vir die lesingreeks verantwoordelik is. (Prof. Van Rensburg is in Augustus 2018 oorlede.)

**Dr. Kabelo Sebolai was op 17 Maart 2017 die spreker oor die volgende onderwerp: Academic language testing in English: A possible springboard for realizing linguistic human rights in South African higher education**

Akademiese taalvermoë is vermoedelik 'n faktor in die lae graadslaagkoers waarvoor hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika tans te staan kom. Gevolglik moes universiteite akademiese taalintervensies begin onderneem, gerig op die verbetering van studente se vermoë om beter aan die taalvereistes van universiteitsonderrig te voldoen. Hierdie intervensies het weer gelei tot die gebruik van toetse vir akademiese taalvaardigheid deur studente, waar van toepassing, gepaste toetse te laat aflê. Een sodanige toets het geblyk definitiewe inligting te verskaf omtrent studente se gereedheid vir akademiese onderrig wat betref taal en, gekoppel hieraan, die potensiaal vir hulle om sukses in hulle studie te behaal. Die doel van hierdie aanbieding is om aan te toon hoe hierdie bevinding riglyne kan verskaf vir inisiatiewe om onderrig en leer in tale buiten Afrikaans en Engels te bevorder. Die aanbieding doen verslag oor die resultate van 'n voorspelbare geldigheidstudie wat twee toetse vir akademiese geletterdheid aan 'n universiteit van tegnologie behels het, en bring hierdie resultate in ooreenstemming met die strewe van 'n tradisionele akademiese universiteit om individuele en institusionele veeltaligheid te bevorder. Gebaseer hierop, wil die aanbieding 'n argument uitmaak vir geldige akademiese taaltoetsing as 'n wegspringplek vir moedertaalonderrig in navolging van linguistiese menseregte in Suid-Afrikaanse hoër onderwys.




Hier is proff. T. du Plessis (links) en A. Weideman (regs) by dr. Kabelo Sebolai (middel).

**Op 21 April 2017 was die spreker Vader Johnny Johnson, priester in die Katolieke Kerk, Bloemfontein, met die onderwerp, *Afrikaans en/in die Katolieke Kerk***

Die Katolieke Kerk is 'n groot instelling van 'n biljoen en 'n half mense. Die kerk word wêreldwyd deur middel van om en by 170 tale uitgeleef en in Suid-Afrika word ses taalstreke bedien. Ten spyte hiervan word die kerk grotendeels as 'n "Engelssprekende Kerk" beskou en hierdie toedrag van sake kan voor die deur van Afrikaanssprekendes gelê word wat amper noodgedwonge hul taal en kultuur moes prysgee die oomblik toe hulle lidmate geword het.
Hoe hanteer Afrikaanse Katolieke lidmate hierdie uitdaging? Interessante data en gebeurtenisse is bespreek.




Hier staan prof. Henning Pieterse en Vader Johnny Johnson met van die Afrikaanse publikasies van die Katolieke Kerk.

**Op 5 Mei 2017 het die gesprek gehandel oor Afrikaanse dokter-digters en die spreker was dr. David Griessel, pediater en dosent in die dept. Pediatrie en Kindergesondheid, UV**

Hy som dit soos volg op:

"Digter-dokter: Die woorde laat my dink aan die twee slange gekronkel om die staf van die *caduceus*, in twee- of twisgesprek. Ook 'n beeld van twee wêrelde wat ons probeer versoen: verbeelding teenoor wetenskap; wysheid teenoor kennis; metafoor teenoor statistiek.

Medisyne is sekerlik 'n goeie teelaarde vir die persoon wat kreatief met woorde omgaan.

Eerstens leer ons die mag van 'n wetenskapstaal wat dinge benoem, omskryf, orden en wat ons gebruik om in te gryp in ons pasiënte se lewe. Tweedens kom die besef van die beperkinge van die rede, en die kontak met mense wat die sprong maak na die moontlikheid van betekenis wat flikker rondom 'duister woorde'. Dikwels is die donker kant van medisyne, nl. ons onmag om alle pyn te verlig, alle probleme op te los en uiteindelik die konfrontasie met ons eie feilbaarheid, iets wat ons stimuleer om dit te verwoord."

**KAREL SCHOEMAN-HULDIGING**

Op 11 Mei 2017 is 'n huldigingsgeleenthoud vir Karel Schoeman gehou na die tragiese oorlye van hierdie begaafde skrywer. Verskeie bydraes het gekom van mense met wie hy 'n pad geoop het. Ter wille van argiefdoeleindes word die program se uiteensetting hier geplaas.

PROGRAM

12:00 Verwelkoming en inleiding: prof. Henning Pieterse, Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

12:10 Karel Schoeman se beskouings oor die verbande tussen film- en skryfkuns: dr. Francois Smith, Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

12:30 Karel Schoeman: 'n literêr-filosofiese beskouing van die mens en sy werk: prof. Pieter Duvenage, Dept. Filosofie

12:50 'n Beskouing van Karel Schoeman se lewe en werk: prof. Johann Rossouw, Dept. Filosofie

13:10: Brokkies onthou: dr. Mercia Coetzee, Dept. Kommunikasiekunde en oud-kollega van Karel Schoeman

13:30: Hoe ek Karel Schoeman onthou: Jackie Steyn, vriendin van Karel Schoeman

13:50 Afsluiting en bedanking




Sprekers tydens die Schoeman-huldigingsgeleentheid was (van links na regs):
dr. Mercia Coetzee, proff. Pieter Duvenhage, Johann Rossouw, dr. Francois Smith,
me. Jackie Steyn en prof. Henning Pieterse.

**Op 12 Mei 2017 het prof. Jeroen Darquennes met ons kom gesels oor *Taalconflict: Theorie en de Brusselse praktijk***

Die voordrag is soos volg deur die spreker opgesom: "In deze voordracht wordt taalconflict hoofdzakelijk vanuit een Europees perspectief benaderd. Na een korte schets van verschillende soorten taalconflict wordt vanuit een theoretisch perspectief ingegaan op uiteenlopende facetten van maatschappelijk taalconflict, namelijk: de oorzaken, de zichtbaarheid, de verschijningsvormen, de centrale thema's, het beleid ten aanzien van maatschappelijk taalconflict en de (mogelijke) gevolgen van dat beleid. De theoretische benadering wordt nadien getoetst aan een bondige bespreking van taalcontact en taalconflict in de Brusselse context. Daarbij zal vooral de huidige situatie belicht worden. De huidige situatie in Brussel zet niet alleen de traditionele opvatting over taalconflict in de Brusselse context onder druk. Ze toont ook aan dat het gepresenteerde theoretische kader verfijnd en/of zelfs geheel herzien moet worden. Interactie met de studenten is meer dan gewenst omdat ook zij vanuit de Zuid-Afrikaanse context een zinvolle bijdrage kunnen leveren aan het verder uitdiepen en/of het herzien van bestaande theoretische inzichten omtrent taalconflict."

**Huldiging: PG du Plessis**

Op 21 Junie 2017 is in 'n huldigingsprogram met groot hartseer afskeid geneem van die skrywer-dramaturg, TV-persoonlikheid, joernalis en akademikus, dr. P.G. du Plessis. Ook hierdie program het bestaan uit sprekers wat 'n pad met die skrywer geloop het. Vir argiefdoeleindes word die program ook as geheel opgeneem.

PROGRAM
12:00 Verwelkoming en inleiding. *Prof. Henning Pieterse, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans*
12:10 PG du Plessis: Mens, observeerder en woordkunstenaar by uitnemendheid. *Prof. Nico Luwes, Hoof: Departement Drama*
12:30 Pieter Georg du Plessis: Skerpskrywer, Duiwelsadvokaat, Boerefilosoof. *Me. Leana Lategan, Hoofvakkundige: NALN*
12:50 'n Ongenooide gas: PG en sy teksredakteur. *Dr. Francois Smith, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans*
13:10: PG du Plessis: Messelaar met woord en klip. *Corlietha Swart, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV.*
13:30 Afsluiting en bedankings.

**Op 18 Augustus 2017 was Albé Grobbelaar aan die woord oor "Fotomanipulasie in die joernalistiek: euwel, kruk of reddingsboei?"**

Albé Grobbelaar doseer mediastudies en joernalistiek aan die Vrystaatse Universiteit. Hy is reeds veertig jaar lank aktief as joernalis betrokke in die wêreld van radio, televisie, die gedrukte media en deesdae digitale joernalistiek.

Die opsomming van sy gesprek het so gelui: "Die manipulasie van inligting wat met die



huidige vlaag fopnuus orals in die wêreld weer hoofopskrifte haal, is so oud soos die nuusmedia self. Een spesifieke komponent van die studie van inligting- en persepsiemanipulasie fokus op fotografie. Hoe lank word daar al met prentjies gepeuter? Wat is die implikasies hiervan? Kan daar samelewingsterreine wees, soos bv. die modewêreld, waar fotomanipulasie wel eties geregverdig kan word?
Die kwantumspronge wat tegnologie die afgelope twee dekades gemaak het, het ook die landskap van die fotograaf en van fotografie onherroeplik verander. In hierdie voorlegging word daar, aan die hand van 'n verskeidenheid kleurvolle karakters en voorbeelde, gekyk na hierdie verskynsel wat al talle loopbane en reputasies vernietig het."




Hier glimlag die spreker, mnr. Albé Grobbelaar (links) saam met prof. Henning Pieterse, wat verantwoordelik is vir die lesingreeks, vir die kamera.

**Op 15 September 2017 het prof. Henning Pieterse, bekroonde skrywer en vertaler en professor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV, self die volgende gesprek waargeneem, getiteld: "Van 'moet-wees' tot 'so-heid': Die antropiese beginsel en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Ingrid Winterbach)".**

Die protagonis in *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006) is Helena Verbloem, 'n leksikograaf werksaam in 'n museum in Durban. Nadat haar versameling skulpe – haar "hemelse boodskappers"– gesteel word, gaan sy op 'n speurtog om die skulpe terug te kry. Hierdie tog lei tot 'n wetenskaplike "reis" waartydens Helena meer te wete kom oor die ontstaan van die heelal en die ontstaan en aard van lewe.
In hierdie lesing is die *antropiese beginsel*, 'n kontroversiële filosofiese oorweging dat waarnemings van die heelal versoenbaar moet wees met die bewuste en intelligente lewe wat dit waarneem, ingespan om Helena se reis en wetenskaplik-filosofiese bevindings fyner te ondersoek.
Stephen Hawking parafraseer die antropiese beginsel soos volg: "We see the universe the way it is because we exist". Swak en sterk weergawes van die beginsel is kortliks bespreek en dan toegepas op sentrale temas van die boek.
"Don't confuse language with reality. Human language is far better at capturing human experience than at

expressing deep  physical laws" (Brian Greene)
"Science does not need mysticism and mysticism does not need science, but man needs both" (Fritjof Capra).

**Op 24 November 2017 het prof. Naòmi Morgan**, hoof van die Afdeling Frans, Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV, 'n lesing gelewer oor die volgende: **"Jean-Joseph Rabearivelo: om te dig in twee tale, om vertaal te word in vele"**.




Prof. Naomi Morgan met Jean-Joseph Rabearivelo se boek in die hand, by prof. Henning Pieterse, organiseerder van die lesingreeks.

Die lesing kan soos volg opgesom word: "Madagaskar se grootste digter is grotendeels onbekend in Suid-Afrika; ter inleiding is daar 'n kort biografiese oorsig gegee van hierdie buitengewone skrywer wat op 34 sy lewe op hoogs teatrale wyse beëindig het.
Die belangrikste komponent is egter sy digkuns, waarvan daar nou vertalings in Afrikaans bestaan, as deel van 'n veeltalige vertaalprojek geïnisieer deur prof. Catherine du Toit van die Departement Moderne Europese Tale aan die Universiteit van Stellenbosch. Voorlesings van voorbeelde van sy gedigte is gekomplementeer deur uittreksels uit Laurinda Hofmeyr se nuutste CD, *Afrique mon désir*, waarop vier van Rabearivelo se gedigte, geselekteer deur prof. Du Toit, in Frans gesing word. Om komplekse redes waarna daar deur die loop van die lesing verwys is, het Rabearivelo vergete geraak, behalwe deur klein groepies bewonderaars wêreldwyd. Dit het verander in 2012, met die publikasie van twee dik volumes van sy *Versamelde Werk* (volume 1 bevat byna 2000 bladsye) in sy twee skeppingstale, Malgassies en Frans. Die volgende ontwikkeling was bogenoemde veeltalige vertaalprojek wat Hofmeyr se toonsettings insluit. Die onreg wat Rabearivelo aangedoen is, word dus reggestel deur die Frans-Afrikaanse akademiese gemeenskap.
Ter afsluiting is daar gekyk na die besondere kwaliteit van Rabearivelo se tweetalige digkuns."



## SAVN-beurshouers 2017




SAVN-beurshouers 2017 vir honneurs (van links na regs): Carlé van Zyl en Anja van der Merwe.




SAVN-beurshouers 2017 vir voorgraadse studente (van links na regs): Joshwin Sampson, Janice du Plessis, Sherredine Dunn, Elizabeth van Rensburg en Marlene Beukes.

## Junior lektor in Duits ontvang Erasmus Mundus-beurs



Willem Carel Brink, 'n junior lektor in Duits aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), is 'n beurs toegeken om deel te neem aan die Erasmus Mundus CLE (Cultures Littéraires Européennes)- program. Dit is 'n twee jaar meestersgraadkursus wat 'n studie van Europese taal- en letterkunde, metodologie en taalwetenskappe, Europese kultuur en geskiedenis, asook 'n skripsie insluit.

Hierdie spesifieke kursus word by vyf vennootuniversiteite aangebied en word deur die Universiteit van Bologna in Italië gekoördineer. Studente wat aan hierdie kursus deelneem word vereis om die twee akademiese jare by twee verskillende universiteite in twee verskillende lande te voltooi. Daar word vereis dat die student die taal moet ken van die land waar hy/sy gaan begin studeer.

Die vyf universiteite waaruit 'n beurswenner kan kies, is die *Université de Haute–Alsace* en die *Université de Strasbourg* in Frankryk, die *Aristoteleion Panepistimion Thessalonikis* in Griekeland, die *Université Cheikh Anta Diop de Dakar* in Senegal en die *Università di Bologna* in Italië.

Aangesien die beurshouer die taal van die land van studie moet ken, gaan Willem Carel sy eerste jaar van studie in Strasbourg voltooi, omrede hy Frans magtig is. Om sy tweede jaar van studie in Bologna te kan voltooi, sal Willem Carel taalkursusse tydens die eerste jaar bywoon om Italiaans te leer voordat hy Italië toe gaan. Dit is 'n belangrike vereiste, aangesien lesings hoofsaaklik in die taal van die land van die universiteit aangebied word.



## Slypskool vir die Nasionale Poort skryfwedstryd van 2017

*Dr. Anthea van Jaarsveld*

Hierdie slypskool word na afloop van die Poort-skryfwedstryd jaarliks aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat die slypskool volledig borg. Tydens hierdie slypskole tree bekende skrywers as aanbieders op. Vorige skrywers sluit onder andere in, Christine Barkhuizen le Roux, Jaco Jacobs, Alexander Strachan, Hennie van Coller, Heilna du Plooy, Irma Joubert, Hans du Plessis en Bernard Odendaal. ’n Diverse groep leerders vanoor die land woon hierdie slypskool by. Dit wissel gewoonlik van graad 11-leerders tot eerstejaarstudente. Hierdie groepe vanoor die hele Suid-Afrika, is die room van ons land se jong skrywers.

Dit slypskool wat in 2017 aangebied is, onder die leiding van die bekende skrywer Alexander Strachan en die digter-akademikus, prof. H.P. van Coller, was uiters geslaagd. Alexander Strachan was verantwoordelik vir die aanbied van die prosa-werkswinkel en Hennie van Coller was verantwoordelik vir die poësie-werkswinkel. Die leerders se terugvoer getuig deurgaans van ’n uiters positiewe ingesteldheid teenoor die spesifieke formaat van die slypskool. Die besondere waarde van hierdie slypskool lê juis in die feit dat die deelnemers ruim tyd gegun word om op ’n persoonlike een-tot-een-basis met die skrywers, hulle werk te kan bespreek. Die waarde van praktiese werksessies waarin deelnemers aan hul eie werk kan skaaf met die hulp van die skrywer is deurgaans deur die leerders bevestig. As afsluiting van die slypskool, is daar van die leerders verwag om ’n nuwe skryfstuk in te handig vir beoordeling wat vanjaar beoordeel is deur die bekende Hertzogpryswenner, Henning Pieterse. Hierdie tweede rondte van prysoorhandiging is goed aanvaar aangesien die deelnemers gevoel het dat dit as verdere aansporing dien, maar ook as bevestiging van die waarde van aspirant-skrywers se direkte kontak met skrywers en digters in die bedryf.

Die boekpryse vir die 2017-slypskool is weer eens geborg deur Protea-boekhuis wat hierdie slypskool altyd goedgesind is. Ons waardering gaan ook uit na die Akademie vir hul jaarlikse ruim ondersteuning waarsonder hierdie slypskool nie moontlik sal wees nie. 2017 het weer ‘n uiters geslaagde slypskool opgelewer. Die finale wen-skryfstukke deur drie van die bekroonde deelnemers na afloop van die slypskool volg hier onder. Geluk aan elke deelnemer. Julle entoesiasme en die erns wat julle met ons taal maak, is aansteeklik. Mag elkeen van julle se deelname help om ons pragtige taal van krag tot krag te laat gaan. Sterkte met julle skryfloopbaan en lekker skryf tot ‘n volgende keer!

### Prosa-wenner: Nina du Preez

DIS ‘N LEË KOSKAS, SKAT

Negentien jaar gelede het Gerrie de Wet,’n jong soldaat, ‘n pas-gegradueerde kok van Prue Leith School of Cuisine die eerste keer gewaar. In ‘n klein kafee in die middestad, oor ‘n stomende beker Belgiese sjokolade, het hy haar sit en dophou.

Vandag sit Gerrie met 3 gesondheidskwale, twee kinders en een vrou wat nooit ophou kook nie.

*****





LUUKSE WARM SJOKOLADE
annelienpienaar.co.za

90 g Belgiese sjokolade (wit, bruin of donker)
60 mℓ (4 e) witsuiker
250 mℓ (1 k) water
125 mℓ (½ k) kondensmelk
500 mℓ (2 k) kookmelk
Knippie sout
1 mℓ vanieljegeursel
125 mℓ room, styf geklits met 2 e strooisuiker
Hou melk warm in kastrol. Plaas sjokolade, suiker, water en kondensmelk in ‘n ander kastrol en laat liggies kook vir 2 minute.
Voeg die kokende melk, sout en vanielje by die sjokolademengsel en verwyder van hitte.
Giet in warm koppies en spuit room op. Bedien dadelik met churros.

*****

Theresa de Wet is ‘n vrygewige vrou. Sy het ‘n groot hart en ‘n groter kombuis. Hendrietta Jacoba van Wyk Louw was ‘n ou varsity-vriendin wat saam met Theresa in kookskool was. Sy het glo vir twintig jaar na sy en Theresa graadgevang het, die wêreld se mees eksotiese lande en hul kosse verken. Alhoewel elke tafeldoek in al 2 560 van haar kosfoto’s dieselfde lyk. Sy was egter nou moeg vir reis. Of so vertel sy vir haar volgelinge op InstaFood.
Toe Theresa hoor dat haar ou koshuiskennis terugkeer na haar moederland, het sy gretig vir die tannie “ons gastekamer” aangebied.
“Waar gaan ék slaap?” het ek verslae vir Moeder Theresa gevra. Dit het my verstand te bowe gegaan. Dat ‘n ma haar eie kind by die hondehok sal inboender om ‘n bed vir ‘n vreemdeling te verseker.
“Net totdat Julia haar voete vind,” het Ma simpatiek oor ‘n bord hoenderlasagne ons gerus gestel. “Dis tog nie asof sy ‘n vreemdeling is nie. Sy het al kom kuier. En ons Skype elke Kersfees.”

*****

HOENDER LASAGNE
kreatiewekosidees.com
2 gaar hoenders – ontbeen en in stukke gesny
Pak lasagne-velle
2 gekapte uie
350 g knopiessampioene gekerf
2 gekapte groenrissies (geel, rooi of groen)
2 geskilde gekapte tamaties
250 g gerasperde kaas
250 g streepspek – gesnipper
2 pakkies room van hoendersop aangemaak met 3-4 kop hoenderaftreksel



2 huisies knoffel gekap
Sout, peper, kruie en mosterd na smaak
Braai spek, uie, groenrissie, sampioene en tamaties liggies. Roer aangemaakte sop by en kook goed deur, geur na smaak. Meng die vloeistof met die vleis. Laat deurkook. Begin deur bietjie hoender- mengsel onder in ‘n oondvaste bak te sit, dan die velle, dan weer die hoender en weer die velle. Strooi kaas bo-oor en bietjie gekapte pietersielie of spruituie. Laat staan vir ongeveer 1 uur voor jy bak sodat die velle sag kan raak en die vog kan absorbeer. Bak by 180°C vir 45 minute.
Jy kan opsioneel bietjie ertjies byvoeg of gemengde veggie mix – dit rek die gereg en almal kry sommer hulle groente ook in.
Bedien met lekker broodrolletjies en mengelslaai

*****

“Ja, maar sy het die vorige keer toe sy hier was al die fudge vir die Kesta kinderhuis-fondsinsameling opge-‘proe’,” lewer Jan-Willem kommentaar.
“Die arme vrou was voos van die honger!” verdedig Ma die skuldige party.

*****

*GEKLEURDE KLAPPERYS*
kreatiewekosidees.com
Bestanddele:
1 blik kondensmelk
750 ml fyn klapper
500 g versiersuiker
Kleursel
Metode:
Meng eers klapper en versiersuiker en meng daarna die kondensmelk en kleursel by. Gooi mengsel in gesmeerde bak en druk vas. Laat staan vir ’n ruk en sny in blokkies. Sit blokkies oop in yskas om te droog.

*****

Dis die dag na Hendrietta Jacoba van Wyk Louw se aankoms by die De Wet-huis. Die huis is vir die eerste keer in ses-en-dertig uur stil. Tannie Hettie snork saggies op die LazyBoy. Ons gebruik dié tot ons voordeel en raak in die kombuis doenig. Ek en Ma is beide lief vir kook. Die flambojante styl van Franse-en Italiaanse kookkuns is herkenbaar in elke dis wat ons voorsit. Vandag maak ons Franse sjokoladetert. Karen Zoid sing in die agtergrond. Ma meng die sjokoladeinhoud in ‘n pot. Ek skei eiers.
“‘n Koskenner,” glimlag Ma na ek oplet dat die vrou wat onder my donskombers slaap sebra-lycra dra.
“Ek hou nie van haar nie.”
Ek breek vererg ‘n eier. Skei die embrio van sy jellie-lagie. Ma wieg heen en weer op maat van die musiek. Neurie Karen Zoid. Sy lyk ontspanne.

*****



FRANSE SJOKOLADE KOEK
http://www.liplekker.co.za/
Bestanddele:
200 g donker sjokolade
125 g botter
150 g suiker
6 eiers, geskei
Versiersuiker
Vars mentblare, as versiering
Metode:
Voorverhit die oond tot 200 °C. Smelt die sjokolade en botter saam in ’n vuurvaste glasbak oor ’n kastrol met kokende water (of doen dit in die mikrogolf as jy haastig is). Meng die suiker en die eiergele met die gesmelte sjokolademengsel. Klits die eierwitte tot styf en vou dit versigtig by die res van die bestanddele in.
Skep die mengsel in ’n klein, diep koekpan (of in ses oondvaste bakkies) wat met botter gesmeer is. Bak vir 20 minute (vir ’n groot koek) of 12 minute (vir die bakkies). Na 10 minute kan jy die tert met foelie bedek om te keer dat dit uitdroog. Die tert lyk nog effens loperig wanneer jy dit uithaal, maar word droër namate dit afkoel. Bestuif met versiersuiker en versier met mentblare.
Lewer ses porsies.
Wenk: Gebruik sjokolade met die hoogste persentasie kakaobotter wat jy kan bekostig: 50 – 70% sal werk.

*****
Daardie aand sit die De Wet-gesin en tannie Hettie om die eikehouteetkamertafel. ‘n Pop-up skottelgoed-stad het staanplek in die vlekvrye staal wasbak gevind. Pavarotti sing in die agtergrond. Ma se bloedrooi lippe is op ‘n streep. Sy is de moer in. Tannie Hettie (“Noem my Hettie, vir hettie selfbeheer nie.”) sit, botstil met Ma se gunsteling poedinglepel in haar ronde vuis toegevou. En staar voor haar uit. Pa kyk verdwaas na die mollige dame, Franse sjokoladekoek op haar skoot gebalanseer. Wilhelm se blik sou karringmelk laat styf staan. En ek glimlag innerlik. Steek my hand in my baadjiesak. My hand vou om die klein leë papier pakkie. *CHOKING HAZARD!* Lees die Silica-gel se verpakking.
“Ek dink ons moet maar tannie Hettie se familie in kennis stel.” Pa stoot sy stoel agteruit. Staan op. “Kom Wilhelm.” Die mans verdwyn uit die kamer uit.
Pavarotti is stil. Ma is spierwit. Tannie Hettie is ‘n vreemde skakering blou. Binne in die poedingbak glim die klein silica-sfere in die dowwe eetkamerlig.

## Poësie-wenner: Brigitte Geyer

### Ek en die Ander

Lank nadat paddavissies begin kwaak het
die maan begin gaap het
en wind die pampoene van die dak afgerol het
sal ons só bly sit
(knie teen knie)
in die draadstoele in die tuin



en besef:
die sitkamer is leeg van al die rondstaan
en die vlekkie op jou voorkop
is nes ‘n vlekkie op die maan.

Maar ek besef
al is die liggies daarbo
doodgebore
voel ek hiér tuis
en met die gat in die osoonlaag
is die aarde net ‘n glorified sterretjieskombuis.

## Aanmoedigingsprys: Nina Jacobson

**Ek en die ander**

Die ander suig suurlemoene en appelvelle,
En ek beur vorentoe.
Ons ken nie ons eie paaie deur die berge nie
Maar die klipperige ruggraat ken sy eie pad na ons gedagtes toe.

En die stad draai saam, langsaam,
En ek besef dat ek weet
van dinge waarvan ek al moes geweet het
Maar dis al wat jy kan weet
(Aan hierdie kant van die berge)

En die ander het oë
Swart en blink soos stewels
En hulle marsjeer twee-twee
Wanneer sy na jou kyk:
Dit is die hartseerste hartklop
Dié kant van die berge.

En die sigaretstompie
Val van die visserman se lippe af,
Terwyl hy in verwondering opkyk na
die lug:
Terwyl onwerklike voëls, in ‘n bestendige,
beweging uiteindelik huis toe gaan.

En Gabriel staan onder bos en die maan;
Sien hulle soek en sien hulle treur.





Sien hoe hy 'n sambreel maak
van 'n bladsy uit die Boek;
Hierdie kant van die berge.

En die res van ons lewe
Sal ons oomblikke versamel
(om te help met die vergetelheid
wat gereeld opvlam)
Dan doen ons maar wat ons kan,
dit is al wat jy kan doen
(Aan hierdie kant van die berge)

Dis al wat ek kan doen:
Ek en die ander –
Aan dié kant van die berge.



Deelnemers aan die slypskool, voor v.l.n.r.: Milé Pienaar, Nina du Preez, Annelene Groenewald
Middel v.l.n.r.: Ursula Thomashoff, Nina Jacobson, Ni-Mari Smith, Brigitte Geyer
Agter v.l.n.r.: prof. Hennie van Coller, Christiaan Minnie, Andries Meyer,
Lara van der Merwe, Alexander Strachan.



Wenners v.l.n.r.: Brigitte Geyer (Poësie-wenner), Nina du Preez (Prosa-wenner), Nina Jacobson (aanmoedingingsprys)



## Kortverhale van die 2017-inname vir die Meestersgraad in *Kreatiewe Skryfkuns*

Dr. Francois Smith

Hierdie verhale is geskryf deur 2017-inname vir die M-graad in *Kreatiewe Skryfkuns* en wel as deel van een van die twee kursusse wat studente in hul eerste studiejaar volg, naamlik *Literêre Stilistiek*. In hierdie kursus word studente blootgestel aan skryftegnieke en -beginsels en hulle kry die kans om dit te oefen aan die hand van ’n verhaal wat hulle volgens heel spesifieke vereistes moes skryf. Dr. Francois Smith en prof. Henning Pieterse begelei die meestersprogram in kreatiewe skryfkuns.

### Die serp – Marnus Kok

Die snaaksste ding het my die dag ná die groot biddag oorgekom. Ek is dalk liggelowig, maar aan skielike genesing en visioene tydens en ná bidbyeenkomste het ek min erg. Jare van sukkel op die plaas, met reën wat verdomp wegbly as mens dit die nodigste het, om maar een te noem, het my van geloof in kitsoplossings genees.

Ek kan seker maar aan jou erken dat ek ook by die biddag was. Maar ek was skepties. So geluister toe die prediker – die een wat hulle die Aartappelboer noem – sê dat dinge in ons lewe gaan gebeur.

Destyds het my man al hoe stiller geword, ná die vierde jaar dat die reën weggebly het. Die stilte sou nou en dan met ‘n woede-uitbarsting afgewissel word. Totdat alles vir hom net te veel geword het.

Maar ek dwaal nou af ... So sit ek die dag ná die biddag in my leunstoel in die hoek van die kamer by die ouetehuis, daar waar die son inskyn. Die winter kruip nader en ’n mens doen maar enigiets om ’n bietjie hitte op te soek. Maar toe ek daardie serp van my vat ... Dit het oor die stoel se rugleuning gehang en ek het dit gevat om dit om my nek te sit, maar toe ek my hand uitsteek, toe sien ek dit. Op die serp my man se gesig.

Jy glo my nie? Laat ek dit herhaal. My. Man. Se. Gesig. Dit is wat ek op die serp gesien het.

My eerste gedagte was dat ek onder die invloed van die prediker se preek die vorige dag is. Jy weet tog self dat ek nie aan sulke dinge glo nie. Maar toe die serp uit my hande val en op die grond beland en ek dit weer optel en steeds die gesig sien, kon ek dit nie keer nie. Toe kom die trane.

Dit is waar die suster my gekry het. Op die vloer, met die serp so verstrengel in my vingers. Ek het vir haar probeer wys, maar dit het vir my gelyk sy sien nie my man se gesig nie. Sy vra my toe of ek die serp wil hê. Ek knik toe maar net. Dis al.

### Hartstog – Karen Combrink

Kyk, die ding het nie sommer oornag gebeur nie. Ek het nie net een oggend opgestaan en toe is dinge anders nie. Dit het geleidelik gebeur, soos ’n onweerswolk wat die lug bekruip. ’n Mens kom skaars iets agter en voor jy jou kan kry, blits en donder dit.





Tog, as ek nou terugdink, was die tekens daar. Ek het net nie geweet wat om daarvan te maak nie. Totdat iets gebeur het wat my so ‘n bietjie van ’n suspisie gegee het, en van toe af het ek meer en meer begin oplet hoe die verandering stadig maar beslis plaasgevind het.

Maar wag, om als mooi te verstaan, moet ek by die begin begin. En dis die eintlike vraag wat ek myself afgevra het: Waar en wanneer, hoe, het als begin?

Miskien sou ’n mens kon sê die motorfietsaffêre het die ding aan die brand geskop. Maryn wou teen alle redelikheid in vir haar ’n motorfiets aanskaf. Nie sommer enige een nie, ’n groot meneer. ’n Harley Davidson. Ek dog nog dis sommer net praatjies, toe daag sy een dag op die rug van dié pikswarte stuk blink metaal by die huis op. Rondings op al die regte plekke, slanke lyne waaroor ‘n mens se oë net wou streel. Die Harley ook, maar ek praat van Maryn.

Maggies, sy was vir jou ’n prentjie in haar swart leerbaadjie en blink valhelm, met iets in haar houding wat ek nie voorheen by haar opgemerk het nie. Sy was nog altyd ’n aantreklike vrou, maar daai dag het sy so ’n sexy, parmantige wippie in haar stap gehad.

Mense wat haar geken het toe sy ’n jong meisie was, sê sy het op haar tyd maar ’n wilderige streep in haar gehad. Daarvan weet ek nie, want die Maryn wat ek liefgekry het, was stil en besadig, amper broos. Seker maar oor die hart.

Aan die begin het sy net vir die lekker kort entjies met die Harley gaan ry. Later al hoe verder. En natuurlik vinniger. ’n Paar keer het sy my genooi om saam met haar te ry, maar, hel, so ’n gejaag was vir my een te veel. Gee my liewer ’n ryding met minstens vier wiele, dankie!

Ná so ’n wilde jaagtog het Maryn altyd by my aangekom met blosende wange en oë wat blink. Vir my was sy dan so ’n klein bietjie ekstra mooi. Ek wou by haar weet wat vir haar so lekker daaraan was.

“Ag, ek hou van hoe my hart al vinniger klop hoe vinniger ek ry,” het sy gesê.

Die arme mens. Sy was in haar laat twintigs toe die lollery met haar hart begin het. Die dokters het ’n spul toetse gedoen en uiteindelik uitgevind sy het ’n skaars hartsiekte wat in haar pa se familie voorgekom het. Daardie dae was die dokters nog nie heeltemal seker hoe om die toestand suksesvol te behandel nie, so die toekoms was maar onseker.

Natuurlik was dit vir haar ’n slag gewees, want watter jong mens wil met so ’n doodsvonnis oor sy kop sit?

Toe Maryn een oggend langs die kombuistafel, so ewe met die teepot in die hand, aankondig sy gaan valskermspring, het ek amper morsdood agteroorgeslaan. Sy’t nog gesê ek moet my mond toemaak want daar’s ‘n verdwaalde brommer in die kombuis. Om háár mond was ’n skelm glimlaggie, maar haar grys oë het net een keer na my kant geflits en dit was duidelik dat sy geen teëpratery sou duld nie. Nou wat kan ’n mens dan sê?

Die valskermspringery was die Saterdag en die Vrydag sou sy “opleiding kry”. Ek het nog vir oulaas probeer om haar van die lawwigheid te laat afsien, toe’s sy al in die lug. Nooit geweet dat ’n mens ná net een dag se



opleiding sal kan spring nie. Hulle noem dit ’n statieselyn-sprong. Dis wat Maryn wou doen. Alleen spring, sonder iemand wat haar hand vashou. As dit ek was, sou ek beslis eerder ’n tandem-sprong kies. Dan is ’n ou darem vasgemaak aan iemand wat weet wat hy doen en wat al meer as een arme drommel veilig grond toe gebring het.

’n Valskermsprong is nét so verby. My oë was nog nie eens behoorlik in die lug gefokus op die spikkel wat Maryn was nie, toe staan sy al op die grond. Niks bang nie, net met ’n glimlag so breed soos die Breederiviervallei. Die jongetjies was regtig beïndruk: “Jislaaik, Tannie”, “Mooi so, Tannie” en hier en daar ’n “antie” tussenin. Daaraan het sy haar min gesteur. Verbeel jou, die blêrrie snuiters.

Eers toe ons eenkant staan, sien ek die glinstering in haar oë. “Ek het gevlieg!” Toe vat sy my hand en druk dit tussen haar borste in: “Voel hoe klop my hart, voel jy?” En ek voel die kedoef kedoef kedoef, nes die geluid van treinwiele op die spoor.

Eintlik het daardie vonkie in die oë vir my ’n waarskuwingsein gestuur, maar soos ek gesê het, ek het nie heeltyd opgelet nie.

Maryn het aan aritmogeniese displasie van die regterhartkamer gely. Wat dit beteken, is dat die hartspier geleidelik in vetweefsel verander, tot die hart later nie meer behoorlik kan klop nie. Dan kan die pasiënt enige tyd ’n noodlottige hartaanval kry.

Die dokters het dadelik gesê ’n ope-hartoperasie sou te gevaarlik wees. Toe doen hulle ’n Glenn-aftakking. ’n Groot aar is met die regter-longslagaar verbind sodat bloed buite om die misvormde regterkamers van die hart gelei is om suurstof direk aan die longe te voorsien.

Dit was in elk geval ’n reuse operasie.

Ná die valskermspringery het ek tog iets begin opmerk. Ag, klein dingetjies. Soos dat sy nie meer so stiptelik aan die huishouding aandag gegee het nie. Voorheen was alles altyd perfek skoon en netjies. Maar dit was asof sy nie meer omgegee het nie. Dis nie dat sy slordig geword het nie. Nie toe al nie.

As ek terugdink, besef ek nou dat haar voorkoms toe ook begin verander het. Sy’t minder grimering gedra, meer langbroeke en pleks van haar hoë hakke – waarvoor sy so lief was – plathakskoene.

Aan die een kant was dit ’n goeie ding, want Maryn het begin draf en by ’n gimnasium aangesluit. Eers was haar verskoning dat sy net fiks wou word en “goed voel” oor haarself. Ek moet sê, dit was ’n tyd waarin sy vir my al hoe mooier geword het. Maar toe begin sy met langafstandpadwedlope. Die een na die ander tot by die Two Oceans.

Ag, en daarna was dit asof die trein nie brieke gehad het nie. Rotsklim. Dit was waarin sy haar volgende begeef het. Sommer in die gim waar so ’n jong instrukteurtjie haar touwys gemaak het. Sy’s elke dag teen die muur op asof sy net nie genoeg daarvan kon kry nie. Toe die muur nie meer hoog genoeg was nie, moes sy eenvoudig in die Drakensberg gaan klim. Nie met toue nie, hoor, rotslangs. Sy’t tot bo geklim en dan met so ’n driehoekige, vlerkagtige valskermding van die hoogtes afgespring en tot onder gehang-gly.





As dit maar daarby kon gebly het, sou dinge dalk nooit so hand-uit geruk het nie.

Die prosedure om die bloed om die hartkamers te herlei, het in Maryn se geval net ’n kort rukkie verligting gebring. Weliswaar ’n paar jaar lank, maar in ’n stadium het haar gesondheid vinnig agteruit begin gaan. In een jaar moes sy meer as twintig hartskokke kry om die hart weer in ritme te dwing. Toe is sy uiteindelik as ’n noodpasiënt vir ’n hartoorplanting geregistreer.

So gepraat van noodpasiënte: Ek is steeds verstom as ek dink aan al die lewensgevaarlike goed wat sy aangevang het. Dat sy nie meer as een keer in ongevalle opgeneem is nie, is nou nog ’n wonder.

Sy het alles aangepak: Leer ski, abseil, skuba-duik. Selfs op die Zambezi- en Oranjerivier gaan roei in die stroomversnellings – hulle noem dit die witwaters. Dit klínk mos sommer lewensgevaarlik, magtig.

Daarna is sy die oopsee in om sy-aan-sy met haaie te gaan swem. Ek kan nou nog die rolprentriller *Jaws* uit my jongdae onthou en dit was angswekkend genoeg om my die res van my lewe selfs uit die vlak branders te hou.

Sy was darem in ’n staalhok, maar tog. As ek haar net op hok kon hou … maar teen daardie tyd was daar geen keer meer aan haar nie. Sy was soos ’n lokomotief in volle vaart.

Alles was besig om te verander. Maryn het haar ou vriendinne afgeskryf, net so. Sy het ’n hele nuwe vriendekring opgebou: Sommiges was vriende van die jongman by die gim. Meeste was jonk genoeg om ons kinders te kon wees. So hier en daar was daar iemand met ’n plooi of twee, maar Maryn was verreweg die oudste onder die klomp.

En waar was ek? Soos ’n lyfbediende agter haar aan op die een onbesonne avontuur na die ander. Soms het dit gevoel asof ek eintlik net ’n gerieflike ekstra hand was wat kon help om toerusting rond te sleep.

Toe, een onbelangrike dag, merk ek ’n ding op.

Eers kon ek dit nie plaas nie. Haar – noem dit maar aardse – voorkoms was nie al wat vir my al hoe vreemder begin lyk het nie. In Maryn se oë het ’n ander lig begin skyn.

Aan die begin het ek gedag, ag, dis seker van opwinding. Maar toe die blik meer en meer intens raak, het ek mooi begin kyk. Toe sien ek dit: Wat uit haar oë gestraal het, was meer as net goeie, gesonde lewenslus. Daar was ’n brandende, onverskillige lig.

En dis toe ek besef het dit is besig om te gebeur.

Maryn het al groter uitdagings aan haarself gestel. Elke keer hoër, meer uitdagend, nog gevaarliker.

Toe sy genoeg ekstreme sportsoorte op land en in die water probeer het, is sy die lug in. Valskermspring was in daardie stadium nie meer vir haar ’n uitdaging nie; Rekspronge kon haar hart net nie vinnig genoeg laat klop nie. Selfs zip-lining oor die diepste dongas was vir haar vervelig. Die volgende vanselfsprekende trappie, het sy gesê, was vryval. En basissppronge vanaf hoë geboue. Ek kon net daaraan dink en my maag het begin draai van benoudheid. Maar dit het haar oë in twee kole vuur verander.

Daar is tog niks daarmee fout as ’n mens van opwindende avonture hou nie, nè?



Al is jy ’n middeljarige vrou wat tot redelik onlangs toe nog tevrede was om tuis te bly, te bak, te hekel, en wie se mees opwindende weeklikse aktiwiteit ’n inkopietog na die naaste winkelsentrum was. Of hoe?

’n Paar dae voor haar agt-en-veertigste verjaardag was daar uiteindelik ’n hart vir Maryn beskikbaar. Daardie middag het sy ’n nege uur lange hartoorplantingsoperasie ondergaan, sonder enige komplikasies, dank die Here.

Ek weet wat mense gedink het. Almal het natuurlik verwag dat sy daarna allerhande nuwighede sou uitprobeer. Ek bedoel, daar het ’n splinternuwe, blakend gesonde hart in haar borskas geklop! Die eerste keer in amper vyftig jaar.

Dat dinge egter so sou skeefloop, kon iemand voorspel nie.

Mettertyd het ek begin besef dat Maryn deur meer as net ’n normale avontuurlus gedryf word. ’n Verskriklike roekeloosheid het oorgeneem – sy’t ’n onversadigbare, byna obsessiewe, waaglus gehad. Die vrou was behoorlik adrenalienbedinges.

Maar dit was nie al nie.

Sy en daardie vent van die gim het onafskeidbaar geword. Nie soos goeie vriende nie. Meer soos ... bloedbroers. Ek sê “broers”, want die nuwe Maryn was in daardie stadium hoegenaamd nie meer die verfynde jong dame met wie ek getrou het nie. Sy was, ’n mens kan amper sê, boers. Growwe eelte op haar hande, onversorgde voete en naels. Haar hare het sy stompaf laat sny.

En dis toe ek begin voel het asof my geselskap in elk geval nie meer mans genoeg vir haar was nie. Ék was ook nie meer opwindend genoeg nie.

Sy het ’n vreemdeling vir my geword, ’n vreemdeling in my huis. Iemand – en ek was huiwerig om dit vir haar te sê – waarvoor ek versigtig, amper ... bang was.

Natuurlik wou ek by haar weet wat dit was wat haar so gedryf het.

“Soms voel dit asof my hart by my bors gaan uitspring, so vinnig en hard klop hy,” het sy eenkeer gesê met daardie vurige kyk in haar oë. “Dan skielik onthou ek, dis mos nie eintlik mý hart nie.”

Toe het ek begin verstaan.

Die skenker wie se hart in Maryn oorgeplant is, was sewe-en-twintig jaar oud. Hy’s in ’n motorfietsongeluk dood. Sy pa het vertel hy was van kleins af ’n regte waaghals, bang vir niks nie. Geen boom was vir hom te hoog nie, geen rivier te diep nie. Toe hy ouer word, het hy al wat ’n adrenalien-gedrewe sportsoort is, beproef.

Roekeloos, is hoe sy ma hom beskryf het.

Ek het nooit vir Maryn vertel van my besoek aan die jongman – die skenker wie se hart sy ontvang het – se ouers nie.

Deesdae dink ek ook nie graag terug aan daardie laaste ses jaar van ons lewe nie. Ek weet net dit het begin die dag van die hartoorplanting. Dit was die dag toe alles onomkeerbaar verander het. Die stormagtige tye

wat daarop gevolg het, het van my ’n ou man gemaak.

Soms kan ek nie help om daardie jongman te verwens nie. Hy het met sy seunskindhart, wat so waansinnig en waaghalsig geklop het, my Maryn by my gesteel. En uiteindelik het hy ook haar dood beteken.

Nee, sy is nie dood in ’n ongeluk terwyl sy ’n ekstreme sportsoort beoefen het nie. Dit was ’n hartaanval. Sonder waarskuwing.

Wie sou ooit kon dink dat dinge so sou uitdraai?

Een troos is darem dat daardie laaste paar jaar seker die gelukkigste ooit in Maryn se hele lewe was.

Ek sal nooit vergeet wat sy eendag, kort voor haar dood, gesê het nie. Sy’t gesê: “Hy het nie gesterf sodat ek kon lewe nie. Hy het gesterf. En toe het ek geleef.”

**Die groot skeur – Adél Steyn**

Die engel se boodskap het my geensins ontstel of onkant gevang nie. Inteendeel, dit was tydig. Soos die wêreld nou daar uitsien, is ‘n tweede sondvloed, ‘n soort opruiming, inderdaad nodig. Behalwe dat almal dit dié keer sal ontgeld; nie net die sondaars en goddeloses nie. “Die Groot Skeur”, het hy dit genoem, wat sal loop van die suidpunt van Afrika, regdeur die vasteland, bo-uit, en wat dan horisontaal en afwaarts sal uitkraak oor Australasië asook oor die twee Amerikas.  En wat alles wat leef en beef sal insluk, só het hy dit beskryf. Ek het die verantwoordelikheid wat daardie eerste nag op my gelê is, natuurlik met heilige erns op my geneem. Daardie oggend het ek die gekruisigde Christusfiguurtjie wat Ansa vir my met my veertigste verjaardag gegee het, om my nek gehang.  Ek het my snor afgeskeer, soos wat die profeet Eségiël beveel is om met sy baard te doen. En ek het in die kombuis die bottel olyfolie uit die kas gaan haal, ‘n druppel op my vinger gegiet en dit teen my voorkop gedruk.

By die ketel was my geliefde Ansa, soos altyd, die eerste om te luister en te beaam terwyl ek vurig en kragdadig God se seën op my verskriklike taak afgebid het. Want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Gewillige, ontvanklike luisteraars sou min wees en my boodskap sou hard slaan.  En by die koerant was dit selfs moeiliker - die grond daar was nog kliphard en onvrugbaar. Behalwe vir Grethe natuurlik. Ag, sy was van die eerste dae af  ’n Godsgawe aan my tussen daardie gros mense wat nog so bar en onaangeraak deur die Gees was. Ons, ek en Grethe, was waarlik die enigstes wat die Lig daar laat skyn het, soos Ans dit eenkeer so raak en mooi verwoord het. Ja, inderdaad, smal is die pad wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind …

Maar terug by daardie eerste oggend waarop God my met Sy olie en Sy Gees gesalf en bekragtig het om die eerste Boodskap aan die mensdom oor te dra. My hande het liggies gebewe toe ek vir Grethe haar koffie aangee. Hoe deel ’n mens ’n boodskap so onuitspreekbaar, selfs op voorbereide grond? Waar begin ’n mens? Op pad werk toe, terwyl ek gewag het by verkeersligte, het ek reeds die waarskuwing per selfoon



aan my kinders gestuur. Alhoewel hulle Godvresende dienaars van die lewende Skepper was, en ek geweet het hulle saak is reg en hulle sal die ewigheid smaak wanneer die Skeur ons sluk, moes ek seker maak dat hulle voorbereid is, dat hulle hulle afsonder en bid vir die nog ongeredde siele in ons familie. Soos my arme skoonsussie, Frina, die jongste suster van Ansa. Sy was van altyd af rebels en stook al jare moeilikheid in die familie. Hoeveel keer, vandat sy nog ’n tiener was, het ek nie vir haar die Woord van God uitgelê nie? En sy was eens ’n pragtige, voorbeeldige kind van God. Ek sal nooit die oomblik vergeet nie toe sy daar in ons woonkamer kragdadig tot bekering gekom het terwyl ek haar die hande opgelê het. Sy was so vervul van die Heilige Gees dat haar hele liggaam onder my aanraking gebewe het. Ons het haar na ons kerk toe saamgeneem. Sy het selfs die orrel ’n keer of wat daar gespeel. Sy het wel nooit onder die salwing van die Gees omgeval of in tale gepraat nie. Ek vermoed daar was altyd ’n klein deeltjie van haar wat onontvanklik was, wat aangehou het om daardie baie vrae van haar te vra. Maar, soos ek altyd vir haar verduidelik het, Christus het gesê dat ons soos kinders moet glo; dat sy nie haar mooi koppie moes breek om antwoorde te vind op vrae waarop net God die antwoorde het nie. Die laaste keer dat ek haar betig en verduidelik het dat dit teen God se wil is dat sy saam met haar kêrel in ’n woonstel intrek, het sy net opgestaan en uitgeloop. Daarna het sy nooit weer met my of Ansa gepraat het. Dit bly tot vandag toe vir my hartverskeurend dat so ’n pragtige vrou vir God se koninkryk onbruikbaar moes bly; nou ‘n werktuig in die hande van Satan …

Ewenwel, ek het seker gemaak dat elkeen van die drie kinders die Boodskap kry sodat hulle hulself geestelik kan begin voorberei vir die verskriklike dag. Die engel was onduidelik oor wanneer hierdie gebeurtenis sou plaasvind. Maar ek het vir hulle gesê: “Kom ons bly gereed soos die tien jong maagde, kom ons laat ons nie onverhoeds betrap nie …” My dogter en haar man het dadelik daarvan werk gemaak en my laat weet dat hulle sal begin om saans bidure te hou.  Wat ’n vreugde vir ’n pa om sulke gehoorsame, eerbiedige kinders te hê. Susan was altyd so ’n dogter na my hart. Nooit teëgepraat nie. Nooit probeer om snaakse goed saam met haar vriende aan te vang nie. Wanneer ek en Ansa gesê het ’n rokkie is te kort, die hals ’n bietjie te laag, of die lipstif ’n bietjie te uitspattig, het sy dadelik kamer toe gegaan en die nodige veranderinge aangebring. En kyk wat het dit haar in die sak gebring – ’n lieflike man wat haar op die hande dra. Sy sê wel vir ons dat sy nie belangstel om kinders groot te maak nie, en ek wonder baie dae daaroor. Ek bedoel, dit bly tog ons doel op aarde, om te vermeerder en die aarde te vul. Maar, soos sy altyd sê, sy loop haar pad reguit en probeer liewer vissers van mense maak. Dit troos my, en dis inderdaad tog ook ’n Goddelike opdrag.

Ek kon darem sien dat Martin die boodskap gelees het, maar ek het nie verwag dat hy ’n antwoord terug sal stuur nie. Hy het op daardie stadium baie hard gestudeer vir sy jaareindeksamen en ek het oor die algemeen min van hom gehoor – te verstane ook, met daardie vreeslike werkslading van die ingenieurstudente.

Die liewe ou Dawie, ag, God seën my kind, het darem ‘n “thumbs-up” gestuur toe ek sien hy het die Boodskap ontvang. Ek is nie seker hoeveel hy daarvan begryp het nie, maar na sy onderdompeling weet ek dat Christus alleen nou in hom werk, en, soos die Woord sê, salig is die wat arm van gees is ... Gelukkig het die personeel

hom toegelaat om ’n selfoon te hê en kan ek darem op daardie manier met hom kontak behou en vir hom leiding gee. Ons ooreenkoms is dat hy my dadelik sal bel wanneer hy ooit weer ’n Godswoord ontvang. Ag Here tog, dat hy nou ook my gawe moes ontvang het …

Terug by daardie oggend by die werk. Soos ek sê, het ek nie geweet waar om te begin nie. Soos altyd was Grethe my klankbord. Saam sou ons besluit hoe om te werk te gaan. Sy het die koffiebeker by my geneem (’n bietjie melk, geen suiker), en haar oë was helder en verras toe sy na my opkyk. Ek het eers gedink dis omdat sy die Salwing in my kon sien, maar (ek het later gebloos as ek daaraan dink), dit was my afgeskeerde snor wat haar so onkant gevang het. Ek was half verleë, en ons het eers daaroor gegiggel, maar sy het my darem ook gekomplimenteer. Ek het langs haar by haar lessenaar gaan hurk en sag en ernstig die Boodskap in ’n paar sinne aan haar opgesom. Daardie vreemde, skewe glimlaggie het verdwyn; so ook die humor van flussies, en plek gemaak vir ’n stille erns. Ek was gerus gestel. Haar geestelike aanvoeling en onmiddellike gewydheid oor die saak het vir my die bevestiging gegee dat ek die Boodskap reg gehoor het, dat dit die wêreld moet in, al weet ons nie hoe en wanneer nie. Nie dat ek enigsins getwyfel het oor wat daardie nag met my gebeur het nie. Dis net, wel, ek is maar net ’n mens wat soos enige iemand soms met selfvertwyfeling loop en dan ’n vertroueling se bevestiging en onderskraging nodig het.

Soos ek nooit sal vergeet hoe Grethe my ondersteun het op daardie verskriklike oggend drie jaar gelede nie. Ag Here, hoe ondeurgrondelik is U oordele en onnaspeurlik U weë! U het my in die smeltkroes van U oond gehad daardie jaar. U het my geslyp, U het my gesmee. Ek was byna gebreek, maar U sê in die Woord: ’n Geknakte riet sal Ek nie verbreek nie, en ’n lamppit wat rook, sal Ek nie uitblus nie. En U het nie. Ek het daardie oggend tussen die bloedveegsels voor die uitgebrande kaggel gaan neersak en die as uit die herd in my twee bak hande opgeskraap en dit soos Job oor my hare gestrooi. Ek het dubbeld gevou gesit, vorentoe en agtertoe gewieg en stemloos gesnik. Susan en Martin was al uit die huis uit. Dawie het op die bank gesit, die graaf, ag Here tog, nog in sy hande. Sy mond het oopgehang en daar het kwyl soos trane langs sy ken afgedrup. Hy het net gesit en prewel, vir ure, vir dae daarna, die arme kind. Hy was sedertdien nooit weer dieselfde nie. Ek het later begryp dat hy ’n Goddelike boodskap dié nag moes ontvang het, maar met sy intellek en sy gestremdheid het hy nie geweet hoe om dit te vertolk nie. En die duiwel is listig; soos ‘n brullende leeu loop hy rond … Satan het ons kind se kinderlike onskuld binnegedring en besmet, en God se woorde in sy ore verdraai …

Die pyn en loutering waardeur ek in hierdie tyd moes gaan, was byna ondraaglik. Maar God het my uit daardie hoop as opgetel en opgerig tot die man wat ek vandag is. En Grethe was sedert daardie oggend van verskrikking ’n kragtige werktuig in Sy hande op my pad van herstel en geestelike vervulling. Die koerant het haar gestuur toe ek nie die oggend by die werk opdaag en geen van my boodskappe beantwoord nie. Ek moes tienuur aanmeld vir ’n vergadering oor ’n klag wat die Menseregtekommissie teen die koerant ingedien het. Ek het daardie storie gedek oor die vroueprediker wat kwansuis diskriminerende uitlatings en foutiewe



aansprake oor homoseksuele in haar boek gemaak het. Sy was in die spervuur daaroor, omdat die wêreldse siening mos is dat dié mense so gebore word en dat daar niks aan hulle toestand te make is nie. Ek het die feite oor haar boek bloot gestel soos dit is, maar my beriggewing was blykbaar ooglopend positief oor haar uitsprake. Ek moes voor stok gekry word. Ek was egter heeltemal gereed vir die aanval, want so is dit in die Woord geskrywe: Julle sal in My Naam vervolg word. Ek was bereid om my werk te verloor ter wille van die Waarheid. Dit was maar een van vele geestelike toetse waarvoor ek myself moes begin gereed maak. Maar niks sou my voorberei op daardie oggend van hel toe ek my geliefde Ansa so vermink en papgeslaan voor die kaggel aantref nie …. Ek het heeltyd langs haar gesit, maar ek kon nie aan die lewelose gruwel van haar liggaam raak nie. Ek onthou dat ek later begin opgooi het. Die bietjie wat in my lyf was, het in ’n slymerige borrelspoor oor die as geloop. En Dawie het bly sit waar hy was, en aangehou met sy prewelwoordjies. Ek het niks aan hom gedoen nie. Ek kon nie. Ek was verlam van smart.

Dit moes ongeveer elfuur gewees het toe Grethe aan die voordeur klop. Ek het dit gehoor, maar ek het dit ook nie gehoor nie. Dit was soos ’n veraf gehamer, iewers uit ’n wêreld waarvan ek eens deel was. Ons moes die deur die vorige aand ná Ansa en Dawie se rusie oor sy laatkommery oop vergeet het, en dus het Grethe na ’n rukkie aan die deurknop gedraai en vir my en Dawie daar aangetref. “Martinus. Martinus.” Dis al wat sy gesê het. Ek moes vir haar soos ’n stukkende pop gelyk het, want sy het langs my neergesak en my in haar arms geneem en oor my hare gestreel en al wat sy gesê het was “Sjjjjj, sjjjj, sjjjj”, soos wat mens ’n kind sal vertroos. En daar, daar op die koue, besmeerde vloer voor die kaggel, het ek gevoel hoe God my saggies van binne aanraak. Tussen die skerwe van my binneste, iewers op die bloedspoor van verwoesting in my hart, was daar ’n baie, baie klein opflikkering van hoop. Ek het gevoel asof ek aan die sagte boesem van Moeder Maria lê, stukkend, gekruisig soos die Christuskind …

Dit was waar my en Grethe se geestelike pad tesame regtig begin momentum kry het. Sy was die een wat my gedra het deur daardie donker dae totdat ek uiteindelik weer my kop kon oplig en teruggaan werk toe. Ek het my aan God se wil onderwerp soos nog nooit tevore nie. Die insident rondom die gay-debakel was teen daardie tyd nietig en vergete. By die huis het dinge weer begin koers kry. Die hof het Dawie natuurlik as ontoerekeningsvatbaar vir sy daad verklaar en hy is na ’n veilige oord vir ander soos hy. Susan en Martin het naweke kom kuier. Grethe het ook dikwels ’n draai kom maak, en aangesien sy maar ’n paar jaar ouer as die kinders is, kon sy veral vir Susan baie beteken waar dit vrouedinge aangaan. Selfs Martin het soms tot laataande met haar gesit en gesels. Ek onthou een spesifieke aand, dit was in die tyd toe Grethe haar troue begin reël het. Ek het op die bank in die woonkamer gelê en TV kyk en die twee was besig om troutydskrifte deur te kyk en rokke en ruikers en goed te bespreek. Hulle het later oor allerhande ander modes en dinge gepraat – dit was maar nog altyd sy belangstelling – en hy vra haar toe hoe hy vir haar lyk met die snor wat hy besig was om te kweek. Baie van die mansstudente het op daardie stadium snorre begin dra, het ek opgelet. Hy en Grethe het lekker gelag en grappies gemaak daaroor. Ek het die gesprek so skuinsweg uit die





TV-kamer aangehoor. “En, wat sê jy, pas dit my?” wou hy weer weet.

“Verseker pas dit jou!” het sy uitgeroep. “Dit laat jou besonder sexy lyk, hoor!”

“En myne, Grethe?” roep ek toe gemaak begaan uit die vertrek langsaan. “Hoe lyk myne vir jou?”

“Ai, meneer de Waal, joune is so bietjie aan die oudmodiese kant vir ’n smaakvolle man van jou jare”, het sy ewe sedig geantwoord, en ek kon die oogknip in haar stem hoor. Ag, dit was ’n lekker aand daardie, vol lawwigheid en geluk. Sy het aanstaltes gemaak om te gaan, en ek het opgestaan om haar af te sien. Martin was ook op pad bed toe. Hy het oudergewoonte eers Ansa se foto langs die ketel opgetel en gesoen. “Goeienag, liewe Mamma”, het hy gesê, die foto neergesit, en in die uitloop sy vingers deur Grethe se lang lokke laat gly. Snaaks hoe sulke nietige gebeurtenisse mens soms bybly …

Grethe het uit die aard van die saak minder by ons gekom nadat sy en Faan getroud is. Faan was ’n goeie man vir haar, alhoewel ek soms die idee gekry het dat hy nie heeltemal op haar geestelike vlak was nie. Daarom was ons twee se gesprekke daagliks by die koffiemasjien vir haar goud werd. God het my as haar geestelike mentor gebruik, nes Hy haar vantevore gebruik het om my te help op my pad van herstel en groei. Na die Boodskap van die Skeur het die engel my met nog vele nagboodskappe besoek. Ek en Grethe het geweet dat die koerantmense nie gereed was om die Waarheid te ontvang nie. Ons moes ’n ander plan maak, en ons het toe begin om die Boodskappe op sosiale media te versprei. God het hard en reguit deur my gepraat. Vir doekies omdraai was daar nie tyd nie. Die Skeur is voorspel, en kom sou dit kom. Mense moes hul sake regkry. Alle euwels in Sy oë het die een na die ander aan die beurt gekom. Ons het baie teenstand gekry. Veral Frina, wat net op hierdie manier met ons kontak gemaak het, het haar bes gedoen om die Boodskappe op ons Faceboekblad voor ons volgelinge af te skiet en belaglik te maak. Natuurlik sou sy ons probeer keer; sy was immers ’n werktuig in die Bose se hande. Maar die hartseer ding is dat Martin op hierdie manier mettertyd onder haar duiwelse invloed gekom het. Kwaadstoker, dis wat sy altyd was. Om selfs my kind van my te vervreem! Maar Grethe het gepaai en my herinner dat God beproewing op beproewing sal stuur om ons te puur en voor te berei vir die groot dag. En daarom het ek maar ook dié kruis gewillig opgeneem.

En toe, een nag, lig die engel my in van Faan se buite-egtelike verhouding. Dit was die heel ergste boodskap wat ek nog moes oordra … Ag, die arme Grethe was uit die aard van die saak stukkend, maar ons het saam aan die Lig en aan die Waarheid bly klou. En God het my beloon vir my gehoorsaamheid, want nog voordat hulle egskeiding afgehandel is, het dit het duidelik geword dat Hy ons twee vir mekaar bedoel en voorberei het deur alles wat gebeur het. Ons is kort daarna getroud. Maar nie op die wêreldse manier met ’n belaglike wit rok en ’n uitspattige partytjie nie. Nee, God wou ons in gees en in liggaam saamvoeg op Sý manier, het die engel gesê, en toe ek die dag hierdie boodskap aan Grethe oordra, was daar so ’n dringendheid dat ons nie kon wag tot by my huis nie. Sommer daar in die parkeerarea, op die agtersitplek van haar motor, het God van ons besit geneem en is ons in die heilige eg verbind, ag, hoe vurig het Sy gees nie gewerk nie!



Nie lank daarna nie, moes ons die Nuwe Liggaam van Christus, stig. En God het vir ons gesorg soos ’n Vader uit die hande van ons snelgroeiende gemeente. Mense was honger vir die Waarheid, en ons het besef dat ons reg gedoen het om nie in ons dae by die koerant oor hierdie dinge te praat nie.

Vandat Grethe by my kom bly het, het ons Martin glad nie weer aan huis gesien nie. Hy het volgehou dat ons nie wettig getroud was nie, en dat hy nie verstaan waarmee ons besig was nie. Grethe het soms nog gaan kyk of hy versorg is en vir hom ’n bord kookkos geneem, of ’n baksel beskuit. Ek was wel eenkeer in die woonstel wat hy gedeel het met, ag, wat was die jongman se naam nou weer? Dit ontgaan my nou. Ek en Grethe het ons ou stel woonkamerbanke vir hulle geneem voordat ons in die dubbelverdieping ingetrek het. En ag, hoe kry ek nou ’n knop in my keel, langs die ketel staan nog die foto van Ans …

Ek het ’n paar maande gelede die voorlaaste Boodskap ontvang. Toe ek die oggend wakker word, roep ek vir Grethe waar sy alreeds in die kombuis doenig is. “Die engel was hier, Grethe”. Daar was ’n saaklikheid in my stem.

Sy het dadelik gekom; ’n vreemde huppel in haar stap. “O, laat ek jou dan salf, my beminde!” roep sy oudergewoonte uit, gaan haal die olyfolie en druk ’n druppel op my voorhoof.

Ek het haar hand half geïrriteerd weggedruk, dit geneem en saam met myne op haar buik gesit. “Jy is swanger, Grethe.”

In verrukking het sy haar asem ingetrek en my hand met albei hare vasgegryp.

“Martinus! Wat het die engel nog gesê? Is dit ’n seuntjie of ’n dogtertjie?” het sy gevra, opgewonde soos ’n kind.

My koudheid moes haar van van stryk gebring het.

“Wat … wat het die engel nog … gesê, Martinus?”

“Dat die kind nie myne is nie, Grethe”.

***

Ek het wel hulle begrafnis bygewoon. Ek het hulle albei nog innig liefgehad. Maar God se weë is onnaspeurlik. Wat moes gebeur, staan duidelik uitgespel in die Skrif.

En Dawie het ook gehoor. Ons het die laaste Boodskap saam gehoor. Ek het toestemming gehad om hom te gaan haal vir ’n naweek, en hy het my gehelp om God se verskriklike wil uit te voer. ’n Sagte en gewillige werktuig is hy in die hande van God. Voordat ek en Dawie die trappe af is, het ek voor die spieël gaan staan, die sterwende Christus vir oulaas om my nek gehang, die olyfolie op my voorhoof gedruk en die Bybel laat ooplê by die Skrif wat die engel aan my geopenbaar het. *En as ’n man met sy vader se vrou gemeenskap het, het hy die skaamte van sy vader ontbloot. Hulle altwee moet sekerlik gedood word.*

Soms voel dit of hierdie pad waarvoor God my uitgekies het, te swaar is.

Maar ek wag getrou. My loon sal kom. Die dag van die Groot Skeur is amper hier.





## Apokalipso – Anton Roodt

Ons was in die Lesotho Sun in Maseru. Iewers op die eerstevloer in ’n suite. Ek en Dougie Levick, die koerant se senior fotograaf. Jonk en honger nuushonde, die twee van ons. Saam op die dubbelbed, min of meer poegaai na drie dae sonder slaap. Daar’s porn op die hotel-TV se betaalkanaal wat Dougie aandring om te kyk. Die klank is goddank afgedraai. Twee blinklyf, swart spiertiere trek ’n blonde meisie se hare sonder dat haar borste roer. Die meisie trek op Julia. Ek staar na die plafon en sien ’n swerm springkane met rooi vlerke wat vir my grynslag en stadig antikloks om die lig sirkel. Ek loer na Dougie om te sien of hy hulle ook sien. Lyk nie so nie. Arme dom fok. Hy staar bysiende deur sy bril na die drieluik op die TV.

Julia, my Julia. My verwagtende bruid wat onverklaarbaar verdwyn het.

Waar ons al die dwelms gekry het en die heerlike verskeidenheid, kan ek nie so lekker onthou nie. Dougie, weet ek, het ’n klompie foto’s van oopketel go-go-dansers gehad wat hy vir zolle so dik soos ’n Knock en Drop by ’n loot van Botswana geruil het. En op ander plekke en hole, kruideniersakke vol vuil pille wat ons met ’n kombinasie van Guinness en warm Grand Mousseux op die hotel se stoep afgesluk het.

As ek my oë toemaak, begin alles weer draai. Tussen die sprinkane en flitse fosfor agter my retinas sien ek weer die soldate wat skiet op die vlugtendes. ’n Kind wat agter geraak het, slaan in die pad neer en roer nie. ’n Vrou draai om en huil, skreeu en slaan op haar bors en val langs die lykie neer wat by die oomblik kleiner word in die plas bloed. Dougie neem foto’s as ’n soldaat met sy geweerloop kyk of die kind dood is. Ek kon nie meer kyk nie, want in my benewelde brein het daardie kind my eie ene geword. Die een wat ek nie geken het nie. In ’n klein, groen plastiekbaadjie met ’n kappie hardloop sy oor en oor van my af weg oor ’n geel grasveld.

Ek begin grens sommer so vir niks nie, deels uit frustrasie omdat ek haar nie kan inhaal nie en omdat ek by pootuit verby is. Dis al die goed wat Dougie my ingegee het.

In die straat begin die geknetter van masjiengeweervuur opnuut, vroue wat gil en manstemme wat bulder in ’n taal wat ek nie deur die mure van die hotel en die newels in my brein kan ontsyfer nie. ’n Pistoolskoot klap hier digby en die gegil word stil. Iemand kerm jammerlik, maar dan kom ek agter dis die meisie op die TV wat ’n orgasme probeer naboots terwyl Nommer Een haar keel toedruk. Deure klap in die gang iewers. Weer ’n harde slag, nou buite. Dan klippe en kluite wat op die hotel se dak klap. Veraf, nader na Letseng se kant toe, hoor ons dowwe mortierslae.

“Klink soos die einde van die fokken wêreld, hè, DV?” sê Dougie met ’n kwylbek. Hy kom stadig regop en hang versigtig en moeisaam oor die rand van die bed asof dit ’n gevaarlike afgrond is. Dan skiet hy ’n kat in die algemene rigting van waar hy laas die asblik gesien het. Iemand hamer aan die kamerdeur. Ek strompel in my onderbroek na die deur. “Hurry, hurry, you must get out! This is the end!” In die deur staan een van die ontkleedanseresse met die lang nek van ’n Afrika-prinses, in ’n spierwit aandrok sonder skoene. Ek het haar amper nie sonder haar paal en plastiekvlerke met die fairylights herken nie. Sy beduie in die gang af.



Ek kyk op my horlosie. Dit is negentien minute oor agt in negentien agt en negentig. Nee, Jirre, uit hierdie koninkryk moet ons nou uit.

Ons los die koerant se Corolla net daar by die lughawe en vlieg saam met twee joernaliste van Agence France-Presse in ’n ou Puma-helikopter van die weermag terug Bloemfontein toe. Dougie sluk twee groen-en-rooi kapsules en lek aan ’n klein papiertjie. Ja-nee, jy kan nie mis met die kaleidoskoop van lisergiensuur op ’n helikoptertrip nie.

Die ouer een van die twee koerantmanne skreeu in my oor: “Wat’s fout met hom?” en hy beduie na Dougie. Ek trek my skouers op. “*LSD … Il est pressé de rentrer á la maison*.” Hy sê vir my dat dit vir hom nou die einde van die pad is. Sy pa was ’n *pied-noir* wat by die *Le Monde* in Oran gewerk het. Dit het vir hom so romanties en dapper gelyk, mymer hy. Hy was in Rwanda in middel vier en negentig en nou Lesotho. Hy’s klaar met oorloë in Afrika. “*Je suis fait!*” en lem met sy vingers oor sy keel. Dougie is reeds in ’n ander koningryk en reis met sy mond oop. Sy oë is half geslote, en ’n mens sien net die wit van sy oogballe. Ek sit my oorfone op en luister tot in Bloemfontein op my Walkman na The Doors.

*There’s danger on the edge of town …*
*It hurts to set you free*
*But you’ll never follow me*
*The end of laughter and soft lies*
*The end of nights we tried to die …*
*This is the end*

My maag draai as ek weer aan die kind in die straat dink.

Ek het vroeër die dag, nog voor die soldate in Maseru opgedaag het, ’n onderhoud gevoer met Mosisili, die premier, en ook met die leier van die opposisie, Qhobela. Dit was voordat hulle weg is uit die dorp na wie weet waar. Danksy Dougie. Dit het ons ’n groot pak van sy Smarties gekos om dit gereël te kry.

Later, toe hulle uiteindelik, tot niemand se verbasing nie, opdaag, moes ons die bevelvoerder van die Suid-Afrikaners reghelp toe hy ons hotel wou aanval. Foutiewe intel. Dougie moes toe eers vir hom ’n foto van die koning se paleis wys en waar hulle uit King’s Way daarnatoe moes afdraai. Nie dat die hotel skotvry daarvan sou afkom nie, soos dit later sou blyk.

By die politici het ons eerstehandse inligting gekry wat nie vir die ander nuusmense beskore was nie. Die Suid-Afrikaners was nie net hier om die vrede te bewaar nie. Hulle was agter die diamante by Letseng aan, die myn wat bekend is daarvoor dat dit die grootste diamante ter wêreld oplewer. Die gerugte was dat daar ’n paar knewels by die myn toegesluit was. Partykeer is dinge maar net toe te skryf aan een van die sewe doodsondes.

My storie en Dougie se foto was ’n treffer: DIAMANTE ONDER DRUK IN DWERGRYK, het die koerantopskrif dit uitgebasuin in ’n einde-van-die-wêreld-lettertipe. Ook *Die Burger* en later die Sondagkoerante het die





storie gedra. Die storie oor die diamante het saam met Douglas se foto van die soldaat wat die dooie kind met sy geweerloop por op bladsy twee van die *New York Times* verskyn. Uiteindelik was dit die vroue en kinders wat die spit moes afbyt. Ek was teleurgesteld dat hulle my voorletters verkeerd gekrediteer het as “TV” in plaas van “DV” Duminy, maar nogtans. Moskou, Berlyn en Tokio het gevolg, kortom, die hele wêreld het vyftien minute lank van TV Duminy geweet.

Die National Press Club het my in Johannesburg as Joernalis van die Jaar aangewys. Ek en president Mandela het in Kaapstad oor die moontlikheid van ’n kinderfonds gesels toe ek my toekenning van hom ontvang het. Ek het oornag die liefling van die Afrikaanse pers geword. Die redakteur van my koerant in Bloemfontein het my my eie kantoor gegee, met eikehoutmeubels in wynrooi gestoffeer. En ’n sekretaresse. Sy was baie aantreklik, alhoewel ek gedink het haar gesig was oordadig gegrimeer. Sy’t voortdurend getik aan dit en dat. Deur die glasafskorting kon ek sien hoe al die jong broodskrywers in die oopplankantoor onder flikkerende buisligte swoeg en sweet aan hul stories oor lekkende riole en die rugbyspan wat nooit die paal haal nie.

Hulle het aanvanklik tougestaan by my deur om advies te kry oor hoe om ’n groot storie uit te werk en lesers daarmee mee te voer. Ek kon hulle nie help nie. ’n Groot storie skryf homself, jy moet net dáár wees, het ek aanbeveel. Ek het geweet daardie soort advies help niemand nie, maar ek was toe reeds lankal moeg om mense te ontmoet. Later het hulle ook nie meer gekom nie.

Dit is nou vyf en twintig jaar later en ek het nooit weer so ’n scoop gehad soos die Lesotho-storie nie. My aptyt vir avontuur en amfetamien het afgeneem. Dougie was ook lankal dood nadat hy iewers in die Soedan in ’n alterkasie oor gedroogde sampioene betrokke geraak het.

Ek het gehoop ’n meer sobere lewenstyl sou die herhalende nagmerries oor ons kind – my en Julia se kind – besweer. Die visioene was onvoorspelbaar, maar baie meer gereeld en het my sonder die geringste waarskuwing oorval. Soms so werklik dat my sekretaresse my gesig moes afspons terwyl ek natgesweet op die bank in my kantoor gelê het. Ek kon die plastiek van die kind se jakkie ruik; sy kom al nader wanneer sy verbyhardloop.

Ek het heelwat redakteurs gesien kom en gaan. Hulle het almal gedink ek is besig met groot ondersoekende stories en ek het hulle nie reggehelp nie. My sekretaresse het gedurende hierdie kreatiewe lugleegte op die een of ander manier my nuusredakteurs tevrede gehou. Ek skat my skouerlengte grys hare, Rayban Wayfarers, die baard en die twintig jaar oue frons het seker nie ’n sosiale uitnodiging gerig nie. Ek het trouens, moet ek bieg, nooit ooit weer ná Lesotho enige storie geskryf nie. Die sosiale media het ook nie juis gehelp nie. Wie gee deesdae om vir in-diepte-stories oor enigiets? Of die waarheid? Niemand wil meer as ’n paragrafie of twee lees nie en jy spel soos jy wil op jou plasings en versoek dan beleef dat jy nie negatiewe kommentaar wil hê nie. Die einde is voorwaar naby.

Eenkeer in die vroeë tweeduisends het ek begin om ’n biografiese roman te skryf. Ná koffie en ’n sigaret of twee het ek op die wynrooi en groen bank in my kantoor gaan lê en my Philips-diktafoon opgeneem: “Dit



was in agt en negentig. Ek luister in die helikopter op my oorfone na ‘The End’ van The Doors en Dougie skiet rol na rol greinerige Ilford-foto’s van die chaos onder ons. Ons was die jong Turke …” Dan, voor my toe oë, hardloop die kind met die groen baadjie vir die soveelste keer weer oor die gras van my af weg en ek moet doodeenvoudig my oë oopmaak en opstaan. Dit was gewoonlik so teen twaalfuur. Dan neem ek so ongemerk moontlik ’n slukkie of twee, drie uit die Three Ships-bottel in die onderste laai van my lessenaar. Hierna is dit revisietyd. Ek luister oor en oor na my oggend se werk en besluit oplaas om “die jong Turke” te vervang met “twee jong Turke”. Teen middagete verander ek dit terug en sluit die werksaamhede van die dag af. Nou eers uit na die Shute by die ou spoorwegwerwe vir iets om te eet en te drink en dan om te vergeet tot by drie-uur of so.

Partymaal, veral die laaste klompie jare sedert hulle die belaglike reëling ingestel het dat ’n mens nie meer in jou eie kantoor of op die toilet kan rook nie, klim ek tot op die gebou se dak om oor die stad te kyk. En natuurlik om te rook soos die desperate nikotienverslaafde wat ek is. ’n Mens sou met hierdie vertelling die idee kon kry dat ek nie juis in iets belangstel nie. Dit is miskien waar alhoewel ek die laaste tyd nogal die weer dophou.

Die dakke van geboue is, wat my betref, vreemde landskappe. Soos die bokante van heuwels of berge waar ’n mens nader voel aan die hemel. Plekke waar ’n opsigter nou en dan kom of waar tegnici skottelantennas, neonligte op stellasies of kondensors van lugreëlaars vasbout of opstel. Dit word met ’n onnadenkende argeloosheid gedoen in die oortuiging dat hul base of enigiemand anders waarskynlik nooit hul handewerk hier sal kom inspekteer nie.

Nietemin, die weer is deesdae vreemd. Soms verskyn daar pikswart wolke wat teen die gloeiende blou hemel hang en dan sommer die son vir ’n paar dae aanmekaar verduister. Ander dae is die lig so helder dat ek selfs my sonbril begin dra het as ek na die skerm op my skootrekenaar staar.

Die water in my plastiekbottel kom van Kanada af en kos amper soveel soos die bottel Three Ships in my lessenaar se laai. Iemand het nou die dag ’n kort storie in ons poniekoerant geskryf oor ’n paar mense wat nog kon onthou toe daar water in die damme van die Vrystaat was. Van hierdie mense is ouer as ek. ’n Oom het die koerant gebel omdat die put op sy plaas amper gelykvol was met duisende klein pofadders en hy was bekommerd dat dit iets sou beteken. Bygelowige ou donner.

Soms as ek laat werk aan my roman dan klim ek ná donker op na die dak. Snags is alle stede mooi. In die verte kan ’n mens gewoonlik die bliksemstrale sien flits wat dofweg die swart cumuluswolke afets. Maar dit reën nooit meer nie. Die aandlug ruik na elektrisiteit wat iewers kortgesluit het.

Gisteraand het ek op die dak gestaan en rook toe ’n droë dwarrelwind sissend deur die rak-en-takelwerk op die dak swiep. Voor my voete het ’n lang wit veer neergedwarrel. Dit het gelyk soos ’n eendeveer, net baie groter. Ek het die veer opgetel en my duim en wysvinger oor die wiek getrek en daaraan geruik. Die





reuk was nie soos dié van ’n voël nie, maar eerder soos dié van ’n jong meisie wat in die winterson onder ’n donskombers gelê en lees het.

Ek het haar teenwoordigheid aangevoel voordat ek haar gesien het. ’n Skraal meisie met ’n lang nek, rooi hare en ’n porseleinvel só wit dat haar gelaat saamsmelt met die sykartels van haar wit aandrok. Haar gesig was in profiel toe sy begin praat.

“Jammer oor die veer-truuk,” sê sy saggies. “Ek het nie tyd om jou te oortuig oor wie en wat ek is nie. Jy is gekies omdat jy ’n goeie aanvoeling het vir wanneer dinge op die spits gedryf word.” Sy draai om en stap tot voor my. Haar oë, selfs in die skemerte is ’n diep skakering van olivien wat lyk asof daar ’n lig van agter deur die irisse skyn. Sy was só mooi dat my keel toegetrek het. Die wynrooi geboortevlek wat die hele linkerkant van haar gesig bedek, het my nie gepla nie.

Na ’n paar oomblikke wat selfs vir my lank gevoel het, kon ek weer praat: “Ek skat dis die vlerke wat jou weggee,” probeer ek die situasie normaliseer, of ten minste net vir myself ’n skyn van werklikheid skep met die hoor van my eie stem.

“Nogal ’n nice touch, die tradisionele look, nè?” sê sy geselserig. “Die laaste jare word ons as gewone sterflinge in pakke klere uitgebeeld. Onthou jy die fliek met John Travolta waar die wit vere onder sy baadjie uitgesif het? Ek het die idee van die veer daar gekry.” Sy kom staan reg voor my. Haar vlerke sprei sy ewe pronkerig agter haar uit.

Ek herinner haar aan die alabaster-engel by die Van Reenens se klein begraafplaas naby Golden Gate in die Brandwaterkom. Deur die jare het ek meermale daar gestop en eenkeer ’n Youtube-onderhoud met die skrywer Alexander Strachan daar gesien.

“Juis, Desiderius, ek hou ook baie meer van daardie retro-voorkoms. Die John Travolta-karakter se drinkery en daardie soort ding trek ons af na die vlak van die hoi poloi. Daar is darem standaarde. Ek bedoel, kan jý wonderwerke doen? Keer dat ou tannies van sypaadjies afval of gou Rustfonteindam toe vlieg om te help met ’n kind wat oor die kant van ’n boot geval het?”

Ek kon haar nie dadelik antwoord nie, want in ’n flits agter my oë hardloop die kind in die groen baadjie weer van my af weg.

“ Ek skat jy’s reg … e … e …” Ek was skielik moeg en vee die hare voor my gesig weg.

“My naam is Let.”

“Jy bedoel soos Lettie of Aletta of so iets?”

Sy lag so dat haar donsvere fladder en die lig soos pêrels dein oor haar vlerke. “Nee, Desiderius, eerder soos in ‘Let … there be light!’” Sy haal my Raybans af, vou die tempels toe en sit die bril in my bosak langs die ou Zippo.

“A, ek begryp. Let is so ’n Afrikaanse naam, so ek het net gedink … My ma is Aletta gedoop, maar almal het haar ge-Let.”



"Jy bedoel soos … Desiderius?" en sy knipoog vir my.

"My pa was 'n predikant, maar nou ja, dit weet jy seker. Ek verkies DV."

Die vrae het nou die een na die ander by my opgekom en Let het so geduldig moontlik probeer antwoorde gee. Terwyl sy praat, val iets my by. "Dit was jy daar in Lesotho toe jy my en Dougie kom waarsku het om te vlug en die mortier vyftien minute later die vleuel van ons hotelkamer getref het?"

"Mooi DV! Uitstekend. Ek was nie seker of jy my sou herken nie. Wat wil jy nog weet?"

Ek kon nie aan nog iets dink nie.

"Dit lyk my ons het die formaliteite min of meer afgehandel of hoe? Nou het ek jou hulp nodig, DV."

"Ek skat so … Wat kan ek vir jou doen?"

"Jy moet vir my 'n storie skryf."

"Whoa, hokaai, Let. Dit … dis 'n bietjie skielik. Dit is nie juis meer my tipe ding nie, soos jy goed weet."

"Ek weet maar te goed. Dit was nogal 'n uitdaging om te keer dat jou redakteurs of die HR-mense jou nie afdank nie. Amper 'n voltydse werk, kan ek jou sê. Ek moes heelwat storietjies namens jou skryf, maar nie een was jou werklik waardig nie. Jy is nog van die ou soort."

"Jis, ek weet darem nie van die storie nie. Watse storie soek jy in ieder geval? Gewoonlik kry julle 'n bekende akteur in New York of 'n ander groot Amerikaanse stad om op die silwerdoek 'n apokaliptiese katastrofe af te weer."

"Dit is maar net in die flieks. Ons moet ook maar as't ware ons handelsmerk bou, jy weet, en Amerika is seker die beste plek om dit te doen. Dis tog die blootstelling van die boodskap wat tel, is dit nie?"

"Ek wil nou nie een van julle mense aanhaal nie, Let, maar ek's nie regtig waardig nie en ek hakkel soms ook."

Let lag te lekker. "Jou storie oor Lesotho het die mense dwarsoor die wêreld aangegryp. Die Chinese wat probeer het om die diamante in die harwar van die burgeroorlog by Letseng te buit, kwansuis as betaling vir al hul hulp aan Lesotho, is mooitjies deur Mandela en die Suid-Afrikaanse troepe gefnuik. Jy't dit reggekry om Mandela nog groter in die oë van die wêreld te laat lyk as wat hy reeds was. Hoe het jy toe die diamante landuit gekry?"

"Ek dog julle weet sulke goed? Sommer in die sak so saam met Dougie se pille."

"Jy moet, en luister nou mooi vir my, DV ... Jy moet 'n geloofwaardige storie skryf, en jy moet dit skryf om mense in te lig … wel, dat die einde van die wêreld op hande is."

Ek in my eenvoud dink sy praat oor die veranderende weer en ander natuurverskynsels wat tekens is dat die aarde op vele vlakke onder beleg is en ja dat die einde op die een of ander tyd in die toekoms aan die kom is. Uit haar gesigsuitdrukking lei ek egter af sy bedoel iets anders, iets groters.

"Jissem, Let, hoe op hande is op hande?" My hande bewe en ek kan voel hoe sweet my handpalms. Ek verbeel my die blitse agter haar in die roetswart wolke is erger. Ek is vrek lus vir 'n sigaret, maar selfs ék kan





aanvoel dat die oomblik hier groter is as enige van my behoeftes.

“Dit lyk vir ons na volgende Sondag. ’n Asteroïede met ’n onvoorspelbare baan, dit wil sê onvoorspelbaar vir die astrofisici, gaan die aarde tref, min of meer in ons omgewing.”

“Komaan, jy bedoel … soos ’n tweede Vredefortkoepel-impak! Dit kan tog nie? Manhattan moet tog uit ’n PR-oogpunt heelwat beter wees.”

“Jy sal verbaas wees wat kan gebeur. Partykeer wen dieselfde persoon die Lotto twee keer na mekaar. Jy weet self.”

“Maar wat van die sosiale media? Jy kan tog baie vinniger die woord so versprei?”

“’n Mens wil so dink, en ek weet jy steur jou nie aan apps soos Now-Info en Nuus-Direk24 of selfs die ou Facebook nie, maar daar is soveel vals profesieë en gerugte van moord, doodslag en katastrofes wat sirkuleer dat niemand hierdie bronne meer ernstig opneem nie. Jý sal mense moet oortuig dat die einde naby is, DV, en dat hulle hulself geestelik en liggaamlik moet voorberei. Groet jou geliefdes en omhels mekaar. Vergewe jou vyande. Gee jou hond ’n bak skoon water en lees vir die laaste keer jou kind se verjaarsdaggroete of jou minnaar se laaste brief aan jou. Daardie soort van ding. Dis al waarvoor daar tyd sal wees.”

“Nee, ek kan nie … ek wil nie. Verstaan jy nie, Let? Ek het niemand nie. Nie ’n hond nie, nie iemand wat in my arms kan kom lê nie en ook nie ’n kind wat vir my kan skryf nie. Ek weet dit klink dalk vreemd, maar ek is nog nie reg om afskeid te neem nie. Die Here weet ek het nog nie eers ’n begin gemaak om my lewe weer bymekaar te sit nie.” Ek begin weer emosioneel raak soos laas in Lesotho.

Sy sit haar arms om my en my trane loop in lang sout druppels stadig teen die warm vel van haar rug af. Ek ruik haar lyf en ek druk haar vas asof ek wil vergoed vir die omhelsings wat ek myself al die jare misgun het.

“Dit was ’n tragiese ding met jou vrou,” begin sy toe ek effe bedaar het. “Julle was so kort getroud toe sy verdwyn het.”

Daar is ’n lang stilte waarin ek nie die eerste woorde op ’n ry gesit kan kry nie.

“Miskien is dit hoekom ek jou vra om hierdie storie te skryf,” sê sy. “Jy wag immers al so lank vir een of ander afsluiting, dan nie? Of dalk ’n nuwe begin?”

Ek kan steeds nie ’n woord uitkry nie.

“Kom,” sê sy, “kom ons dans ’n laaste dans, DV.” Sy hou my stywer vas.

Geen musiek speel nie, maar die melodie is iewers binne-in ons. Dit voel asof Let dieselfde ritme hoor as ek, want ons sweef soos een, ligvoets saam, deur die flikkerende blou en rooi neonligte op die daklandskap van pype en pale. Ek dink ek hoor Fleetwood Mac, maar wat sy hoor, weet ek nie. ’n Hemelkoor dalk? Maar fokkit, die ritme sleur my mee.

Ek voel haar asem, lig en warm, as sy haar lippe teen my oor druk. “Die kind met die groen jakkie. Sien jy haar nog?”

“Hoe weet jy … van haar?”



Let sweef saggies, ligvoets op die maat van ons musiek met haar kop op my skouer. Ek wens hierdie dans en hierdie nag kan soos in ’n soetsappige rolrent vir altyd aanhou. Ek voel beter. Vertroos amper. Naby die dak se rand, toe ons moet draai, kyk ek af oor die afgrond na die motors en ligte daar onder en dit bekoor my. Let lag in my oë as ek afkyk na haar en ons tol om en om, en dan boog sy van hierdie hoogte uit my arms die diepswart nag in.

Ek sit voor my lessenaar en staar na die flitsende merker op die skerm. Dis meestal donker om my. En stil. Hier en daar is ’n nagskofwerker in ’n ligpoel aan die stoei met woorde wat nie wil kom nie. Ek maak my oë vir ’n oomblik toe en glimlag. Die kind is weer daar. Hierdie keer kom sy oor die gras na my toe aangehardloop. Sy steek haar armpies na my uit. Haar hare vlieg onder haar keps uit. Sy spring in my arms en ek soen haar op die geboortevlek op haar linkerwang.

My hart voel lig en ek reik na die sleutelbord.

# DOLOS

www.ufs.ac.za